- (5) 'n Landmynontploffing onder 'n SAP Casspir op 27 November 1985 op die plaas Overvlakte in Messina distrik, waartydens Konst **P MOTAUNG** beseer is. (Messina MR 66/11/85).
- (6) 'n Landmynontploffing op 12 Desember 1985 onder 'n militêre (SAW) voertuig op die plaas Berg-on-Zoom waartydens twee persone, **FOURIE** en **P MAPOTELE** beseer is. (Messina MR 34/12/85).
- (7) 'n Landmynontploffing op 15 Desember 1985 te Soutpansberg, Messina wat die dood van 6 persone en die besering van 5 ander persone tot gevolg gehad het. Al die slagoffers was lede van die **DE NYSSCHEN** en **VAN ECK** gesinne wat met 'n privaat bakkie gereis het. (Messina MR 41/12/85).
- (8) 'n Landmynontploffing onder 'n privaat voertuig op 12 Februarie 1986 op die plaas Overvlakte, Messina waartydens **WILLEM DU PLESSIS JANSE VAN RENSBURG** beseer is. (Messina MR 21/2/86).
- (9) Op 8 Oktober 1986 is twee afsonderlik gestelde landmyn op die plaas Samaria, Pondrft, Alldays opgespoor en onskadelik gestel. (Alldays MR 10/10/86 en 11/10/86).

Die ondersoek het verder op 'n gewapende aanval op 26 Desember 1986 op 'n SAW patrollie betrekking waartydens 3 ANC-lede doodgeskiet en een (MNCUBE) gearresteer is. MNCUBE het later daarin geslaag om te ontsnap deur twee SAP-lede nl ALOFF GERBER en Sers NEL dood te skiet. (Messina MR 67/12/86).

Eersgenoemde twee persone hierbo (MNCUBE en NONDULA) is later gearresteer en is weens al die gemelde misdade vervolg, skuldig bevind en gevonniss, terwyl die derde persoons (MBULI) nooit gearresteer was nie.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 16 Maart 2001 aan al die bogenoemde persone verleen vir alle misdade wat met gemelde ontploffings verband hou. Eersgenoemde (MNCULBE) het ook amnestie vir die moord van die twee SAP lede ontvang.

3. OPMERKING

Die ANC het die gebruik van landmyne in die Messina grensgebied goedgekeur en opdragte in die verband is deur die bevelstruktuur van Umkhonto we Sizwe (MK) aan lede gegee. (Amnestie uitspraak van vermeldes).


Volgens getuienis gelewer was die vermeldes onder bevel van ene MANCHECK wat opdragte gegee en aan MK gesagvoerders verslag moes doen. MANCHECK is oorlede en daar is geen getuienis oor sy skakeling met die MK oppergesag nie.

Al die ander ANC-lede (voetsoldate) wat by hierdie misdade betrokke was is oorlede.

4. BESLISSING

Ten opsigte van die sogenaamde voetsoldate is geen verdere ondersoek nodig nie. Ten aansien van die ANC leierskap wat die opdragte vir die landmynveldtog gegee het en nie amnestie ontvang het nie, moet 'n besluit tegeleghener tyd nog geneem word nadat al die relevante partye gesprek is.

Bovermelde is 'n moeilike besluit.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

Verw : A15
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

26 Junie 2006

MEMORANDUM

AAN : Dr S Ramaite S C

VAN : A R Ackermann S C

ONDERWERP : **DIE STAAT teen**

- (1) **SIPHIWE NYANDA**
 - (2) **SOLLY ZACHARIA SHOKE**
- Saakdossiere : (1) Maroka MR 81/5.79 - Hoogverraad
(2) Orlando MR 26/11/79 - Hoogverraad
(3) New Canada MR 208/5/81

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

- (1) Op 3 Mei 1979 is die Maroka polisiestasie deur 'n groep gewapende mans met AK 47 gewere, handgranate en handwapens aangeval. Een SAP lid is gedood terwyl 5 lede en burgerlikes beseer is. Groot skade is aan geboue en eiendom aangerig. (Maroke MR 81/5/79).
- (2) Op 2 November 1979 is die SA Polisiestasie Orlando deur 'n groep persone met masjiengewere, AK 47 gewere, handgranate en handwapens aangeval. Tydens die aanval is 2 persone gedood en 2 is beseer. (Orlando MR 26/11/79).

- (3) Op 25 Mei 1981 is die spoorlyn by New Canada spoorwegstasie deur 'n ontploffing beskadig. (New Canada MR 207/5/81).
- (4) Op 25 Mei 1981 is daar ook 'n plfotoestel tussen New Canada en Mzimhlope gevind. (New Canada MR 208/5/81).

Dade

Die ANC lede is later vir gemelde misdade gearresteer en is weens hoogverraad verhoor, skuldig bevind en ter dood veroordeel.


Die ANC het aanspreeklikheid vir die dae aanvaar en die uitstaande verdagte en opdraggewer het amnestie ontvang.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 7 November 2002 aan bogenoemde persone verleen.

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou en kan ooreenkomstig SAPD voorskrifte geliasseer word.



Adv A R Askermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A16
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

26 Junie 2006

MEMORANDUM

AAN : Dr S Ramaite S C
VAN : A R Ackermann S C
ONDERWERP : **DIE STAAT teen**

- (1) **OBED MASINE**
- (2) **FRANS TING-TING MASANGO**
- (3) **NEO GRIFFITHS POTSANE**
- (4) **JOSEPH ELIAN MAKHURA**
- (5) **DAVID SOLOMON SIMELANE**
- (6) **SIPHIWE NYANDA**

Saakdossiere :

- A. Moroka MR 619/6/78 - Moord
 - B. Mamelodi MR 148/3/86 - Moord
 - C. Mamelodi MR 35/6/84 - 2 x Moord
 - D. Silverton MR 44/7/86 - 18 x Poging tot Moord
 - E. Soshanguve MR 140/7/86 - Saakbeskadiging
-

1. **KORT BESKRYWING VAN SAKE**

A. **MOROKA MR 619/6/78**

Op 1978/06/25 is 'n lid van die SA Polisie, S/Sers **ORPHEN CHAPI**, by sy woning te Rockville, Soweto deur 'n gewapende man aangeval en geskiet. Hy is as gevolg van die skietwonde oorlede.

B. **MAMELODI MR 148/3/86**

Op 1986/03/17 is die liggaam van 'n lid van die SA Polisie, Kst **SEUN JOSEPH VUMA**, met skietwonde in sy woning te Mamelodi-Oos 18765 aangetref. Ondersoek het aan die lig gebring dat hy van buite sy woning deur die venster geskiet is.

C. **MAMELODI MR 35/6/86**

Op 1986/06/06 om 19:00 is 'n politieke leier, **MABALEKA DAVID LUKHELE** en sy suster, **ELIZABETH DLUDLU** in hulle woning te Mamelodi-Oos 10509 deur 'n gewapende man met 'n AK 47 geweer oorval en doodgeskiet. Sy vrou **ELIZABETH LUKHELE** is tydens die aanval gewond. Tydens eersgenoemde se dood was hy die sekretaris van die Swazi Council of Chiefs asook die president van die **INYATSI YA MSWATI NATIONAL PARTY** gewees.

D. **SILVERTON MR 44/7/86**

Op 1986/07/04 om 17:20 het 'n kragtige ontploffing voor die ingang van Checkers Supermark, Pretoriaweg, Silverton in Pretoria, plaasgevind. Reste van 'n Russies-vervaardigde SPM-2 kleefmyn is onder andere gevind. As gevolg van die ontploffing is 18 burgerlike persone beseer, waarvan 4 ernstige beserings opgedoen het. Groot skade is aan Checkers, asook besighede, voertuie en eiendom in die omgewing van die ontploffing aangerig.

E. **SOSHANGUVE MR 140/7/86**

Op 1986/07/21 om 14:00 het 'n landmyn onder 'n laaigraaf ontplof. Die laaigraaf is beskadig maar niemand is beseer nie. Die landmyn was klaarblyklik vir SAW voertuie gestel wat gereeld daar beweeg het.

Tydens die ondersoek is eersgenoemde 4 persone, nl **MASINE**, **MASANGO**, **POTSANE** en **MAKHURA** gearresteer is vir al hierdie misdade aangekla. Daar is ook op wapens beslag gelê wat in hulle besit was en wat tydens die pleeg van hierdie misdade gebruik is.

Al vier persone is op 89/03/02 in die Hooggeregshof, Delmas (hofsak CC 400/88) aan hierdie oortredings van moord, poging tot moord en opsetlike saakbeskadiging, skuldig bevind.

MSINE, MASANGO en POTSANE is ter dood veroordeel, wat later tydens appèl na 25 jaar effektiewe gevangenisstraf versag is.

MAKHURA is ook tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Hulle is gedurende 1991 vrygelaat en het om amnestie aansoek gedoen.

Die ander 2 persone, **SIMELANE** en **NYANDA**, was nie gearresteer of vervolgt nie.

SIMELANE het as opdraggewer aanspreeklikheid aanvaar vir die moord van S/Sers **CHAPI** (A hierbo genoem) en **NYANDA** vir die ontploffing in Silverton asook vir die moord van Konst **VUMA** (B en D hierbo genoem). Beide het vir die daad om amnestie aansoek gedoen.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 8 September 1999 aan eersgenoemde 5 persone verleen, terwyl die 6de persoon, **NYANDA**, op 7 November 2000 amnestie ontvang het.

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A16
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

26 Junie 2006

MEMORANDUM

AAN : Dr S Ramaite S C

VAN : A R Ackermann S C

ONDERWERP : **DIE STAAT teen**

- (1) **OBED MASINE**
- (2) **FRANS TING-TING MASANGO**
- (3) **NEO GRIFFITHS POTSANE**
- (4) **JOSEPH ELIAN MAKHURA**
- (5) **DAVID SOLOMON SIMELANE**
- (6) **SIPHIWE NYANDA**

Saakdossiere :

- A. Moroka MR 619/6/78 - Moord**
 - B. Mamelodi MR 148/3/86 - Moord**
 - C. Mamelodi MR 35/6/84 - 2 x Moord**
 - D. Silvertown MR 44/7/86 - 18 x Poging tot Moord**
 - E. Soshanguve MR 140/7/86 - Saakbeskadiging**
-



1. KORT BESKRYWING VAN

- A. **MOROKVA MR 619/86/78**
The National Prosecuting Authority of South Africa
Louryva Ilkela, Lobotshutshisi Bo Mzantsi Afrika
Die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika

Op 1978/06/25 is 'n lid van die SA Polisie, S/Sers **ORPHEN CHAPI**, by sy woning te Rockville, Soweto deur 'n gewapende man aangeval en geskiet. Hy is as gevolg van die skietwonde oorlede.

- B. **MAMELODI MR 148/3/86**

Op 1986/03/17 is die liggaam van 'n lid van die SA Polisie, Kst **SEUN JOSEPH VUMA**, met skietwonde in sy woning te Mamelodi-Oos 18765 aangetref. Ondersoek het aan die lig gebring dat hy van buite sy woning deur die venster geskiet is.

- C. **MAMELODI MR 35/6/86**

Op 1986/06/06 om 19:00 is 'n politieke leier, **MABALEKA DAVID LUKHELE** en sy suster, **ELIZABETH DLUDLU** in hulle woning te Mamelodi-Oos 10509 deur 'n gewapende man met 'n AK 47 geweer oorval en doodgeskiet. Sy vrou **ELIZABETH LUKHELE** is tydens die aanval gewond. Tydens eersgenoemde se dood was hy die sekretaris van die Swazi Council of Chiefs asook die president van die **INYATSI YA MSWATI NATIONAL PARTY** gewees.

- D. **SILVERTON MR 44/7/86**

Op 1986/07/04 om 17:20 het 'n kragtige ontploffing voor die ingang van Checkers Supermark, Pretoriaweg, Silverton in Pretoria, plaasgevind. Reste van 'n Russies-vervaardigde SPM-2 kleefmyn is onder andere gevind. As gevolg van die ontploffing is 18 burgerlike persone beseer, waarvan 4 ernstige beserings opgedoen het. Groot skade is aan Checkers, asook besighede, voertuie en eiendom in die omgewing van die ontploffing aangerig.

- E. **SOSHANGUVE MR 140/7/86**

Op 1986/07/21 om 14:00 het 'n landmyn onder 'n laaigraaf ontplof. Die laaigraaf is beskadig maar niemand is beseer nie. Die landmyn was klaarblyklik vir SAW voertuie gestel wat gereeld daar beweeg het.

Tydens die ondersoek is eersgenoemde 4 persone, nl **MASINE**, **MASANGO**, **POTSANE** en **MAKHURA** gearresteer is vir al hierdie misdade aangekla. Daar is ook op wapens beslag gelê wat in hulle besit was en wat tydens die pleeg van hierdie misdade gebruik is.

Al vier persone is op 89/03/02 in die Hooggeregshof, Delmas (hofsak CC 400/88) aan hierdie oortredings van moord, poging tot moord en opsetlike saakbeskadiging, skuldig bevind.

MSINE, MASANGO en **POTSANE** is ter dood veroordeel, wat later tydens appèl na 25 jaar effektiewe gevangenisstraf versag is.

MAKHURA is ook tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Hulle is gedurende 1991 vrygelaat en het om amnestie aansoek gedoen.

Die ander 2 persone, **SIMELANE** en **NYANDA**, was nie gearresteer of vervolgt nie.

SIMELANE het as opdraggewer aanspreeklikheid aanvaar vir die moord van S/Sers **CHAPI** (A hierbo genoem) en **NYANDA** vir die ontploffing in Silverton asook vir die moord van Konst **VUMA** (B en D hierbo genoem). Beide het vir die daad om amnestie aansoek gedoen.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 8 September 1999 aan eersgenoemde 5 persone verleen, terwyl die 6de persoon, **NYANDA**, op 7 November 2000 amnestie ontvang het.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou word.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : ~~Bakel~~ ^{R17}
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **EUGENE ALEXANDER DE KOCK**
 2. **JOHANNES JACOBUS SWART**
 3. **KOBUS KLOPPER**
 4. **NICHOLAAS JOHANNES VERMEULEN**
- Saakdossier : Komatiepoort MR 14/7/91**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Die saak spruit voort uit die wegdoening van die liggaam van 'n verdagte, **JOHANNES SWEET SAMBO**, wat tydens polisie aanhouding in Komatiepoort dood is.

DE KOCK is weens die klagtes vervolgd en is skuldig bevind.


Die ander vermeldes, **SWART**, **KLOPPER** en **VERMEULEN** was Staatsgetuies en het vrywaring van vervolging ingevolge Artikel 204 van die Strafproseswet ontvang. Al vier van hulle het aansoek om amnestie gedoen.

2. **AMNESTIE**

Bovermelde persone het op 26 April 2001 amnestie vir hierdie misdade ontvang.

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak kan as afgehandel beskou word.



Adv A R Aokermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : ~~Etke~~ ^{DIE}
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen
LINDA PRECIOUS MNTAMBO
Saakdossier : Booyens MR 259/7/88

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 09/07/1988 het 'n kleefmynontploffing by die Cambrians Hockey Club, Christopherson Park, Turfontein, Johannesburg plaasgevind. Ongeveer 15 persone wat in die klub was ten tye van die ontploffing is nie beseer nie. Skade is aan die gebou aangerig.


Bogenoemde **L P MNTAMBO** is tydens die polisie ondersoek met die misdaad verbind en 'n lasbrief vir sy arrestasie was uitgereik. Op grond van amnestie wat aan hom verleen is, is die lasbrief gekanselleer.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 2 Februarie 2000 aan bogenoemde verleen (SK 21627 gedateer 13/10/2000)..

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

A19

Verw : EdK3
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. **SIPHIWE NYANDA**
- 2. **SOLLY ZACHARIA SHOKE**
- 3. **DICK MKHONTO**

Saakdossier : Barberton MR A148/3/87 - Landmynontploffing

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1987/03/28 het 'n landmyn op 'n plaaspad tussen Diepgezet en Josefsdal grenspos, onder 'n privaat bakkie plaasgevind. Vier swart mense, 2 mands en 2 vrouens, is gedood terwyl een beseer is. Die bakkie is 'n wrak.

Die polisie ondersoek was onsuksesvol maar het met ander ontploffings ooreengestem. Die ondersoek het aangedui dat hierdie misdade vanuit buurstate beplan en uitgevoer word.


NYANDA, SHOKE en MKHONTO het as MK lede verantwoordelikheid vir hierdie ontploffing aanvaar as deel van die ANC se operasie Cetshwayo projek en het om amnestie aansoek gedoen.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 22 Junie 2000 aan bogenoemde toegestaan.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


 Adv A R Ackermann S C
 SPESIALE DIREKTEUR
 /tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. **SIPHIWE NYANDA**
- 2. **SOLLY ZACHARIA SHOKE**
- 3. **DICK MKHONTO**

Saakdossier : Barberton MR 78/12/1986 - Landmynontploffing

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1986/12/17 is 'n gestelde landmyn op 'n pad tussen Josefskop en Josefsdal grenspos, opgespoor en is onskadelik gestel. Die polisie ondersoek was onsuksesvol maar word met ander voorvalle waar landmynontploffings inverband gebring. Die ondersoek het gedui op dade wat vanaf buurstate gepleeg word.


MK lede, **NYANDA, SHOKE** en **MKHONTO** het vir al hierdie voorvalle wat met die ANC se Operasie Cetshwayo verband hou, aanspreeklikheid aanvaar en het om amnestie aansoek gedoen.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 22 Junie 2000 aan bogenoemde toegestaan.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **SIPHIWE NYANDA**
2. **SOLLY ZACHARIA SHOKE**
3. **DICK MKHONTO**

Saakdossier : Barberton MR 55/12/86 - Landmynontploffing

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1986/12/14 het 'n landmyn onder 'n SA Polisie bakkie ontplof wat op die Josephsdal - Barbertonpad gery het. Twee SAP lede, nl Sers **A ROSSOUW** en Konst **L C MAVUNDLA** is beseer en die voertuig is erg beskadig.

Die polisie ondersoek was onsuksesvol maar het geblyk verband te hou met ander soortgelyk voorvalle wat vanaf buurstate beplan en uitgevoer word. MK lede, **NYANDA**, **SHOKE** en **MKHONTO** het aanspreeklikheid vir al hierdie landmynvoorvalle aanvar, as deel van die ANC se Operasie Cetshwayo aktiwiteite, wat gedurende 1985 tot 1987 by of naby die Oos-Transvaal se grens plaasgevind het.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 22 Junie 2000 aan bogenoemde toegestaan.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **SIPHIWE NYANDA**
 2. **SOLLY ZACHARIA SHOKE**
 3. **DICK MKHONTO**
- Saakdossier : **Barberton MR 13/11/86**
-

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

'n Landmynontploffing het op 1986/11/02 om 17:20 die dood van 'n perd en perderuite te Diepgezet, Barberton tot gevolg gehad. Die slagoffer was 'n SAW lid O/Korp **A M LE ROUX** gewees. Die polisie ondersoek was onsuksesvol en het op ANC lede gedui wat hulle in buurstate bevind het.


NYANDA, SHOKE en **MKHONTO** wat lede van MK is, het om amnestie aansoek gedoen en het aanspreeklikheid vir die ontploffing aanvaar.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 22 Junie 2000 aan bogenoemde toegestaan.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM**ONDERWERP : DIE STAAT teen****AMOS THEMBA MABENA****Saakdossiere:****Pretoria-Sentraal MR 1213/7/1990 - Motorbom Hallmark gebou****Hartebeespoortdam MR 85/7/1990 - Moord**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1992/7/26 is **DAVID SHONGWE**, wat 'n Wit E20 Nissan Kombi, JZN 993 T bestuur het tydens 'n gewapende roof van die voertuig doodgeskiet. Sy liggaam is langs die pad naby Hartebeespoort gelaat.

Die voertuig is gebruik vir die bou van 'n reuse motorbom wat uit 38 sz-3 demolisieladings (114 Kg Russiese militêre springstof) bestaan. Die bom was met twee selfvervaardigde tydmeganismes (met wekkers drade en batterye) toegerus.

Die motorbom was op 1990/07/27 in die Hallmarkgebou geparkeer en die tydmeganismes was gestel om dit te laat ontplof.

Die een meganisme se siklus was voltooi toe die voertuig nagegaan is maar die draad wat aan die battery gekoppel was het losgegaan wat voorkom het dat die springdoppies ontsteek het. Die ander meganisme is klaarblyklik onskadelik gestel kort voordat dit die bom sou aktiveer.

MABENA is vir die moord en motorbom gearrester maar het vrywaring teen vervolging ontvang en is vrygelaat.

Uit die ondersoek het dit aan die lig gekom dat **MABENA** 'n MK lid was wat die dae saam met 'n persoon bekend as "Two-Six" die dae gepleeg het. Hulle het hulle opdragte na bewering van ANC leiers ontvang asook die wapens en plofstof wat gebruik was.


2. **BESLISSING**

MABENA het vir die roof, moord en stel van die motorbom in Hallmark gebou, vrywaring verkry (SK 2896/91 Pub 16072 gedatter 03/11/94).

Ondersoek om die uitstaande verdagte en opdraggers te identifiseer moet voortgesit word.

Indien hulle positief uitgeken word moet bepaal word of hulle amnestie of vrywaring vir die misdade ontvang het.

Indien hulle vervolgbaar is, moet die verdere ondersoek vir oorweging aan my voorgelê word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. NATHANIEL JABULANI MBATHA**
 - 2. LINDA PRECIOUS MNTAMBO**
 - 3. GEORGE SONNYBOY MOGAPI**
 - 4. SANDILE SHEPERD NDLUNGWANE**
- Saakdossiere: Jabulani MR 288/9/88**
-

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

'n Handgranaat is op 14/08/1988 gedurende die nag, in die woonhuis van mnr **ISAAC SAKKIE MONAMODI** gegooi wat ontplof het. Daar was niemand in die vertrek nie en daar is slegs groot skade aangerig.

Mnr **MONAMODI** was 'n munisipale werke wat nie 'n staking wat die vakbond (SAMWU) gereël het ondersteun het nie.

- (1) Eersgenoemde **MBATHA** is weens die misdaad skuldig bevind en is gevonniss. Hy het nie om amnestie aansoek gedoen nie.
- (2) 'n Lasbrief was vir **L P MNTAMBO** uitgereik wat gekanselleer is nadat amnestie aan hom verleen is.
- (3) **MOGAPI en NDLUNGWANE** was verdagtes in die polisie ondersoek maar is weens onvoldoende getuienis nie vervolg nie.

2. AMNESTIE

Laasgenoemde drie persone het op 2 Februarie 2000 amnestie vir die daad ontvang. (SK 21627 ged 13/10/2000).

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek in hierdie saak is nodig nie. Die saak kan as afgehandel beskou word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

HENDRIK JACOBUS BRITZ

Kerkplein 28, Pretoria. Tel (012) 4019021 of
082 7798578

VERKLAR (ONDER EED IN AFRIKAANS)

Ek is tans in Senior Superintendent in die
Suid-Afrikaanse Polisie en is verbonde
aan in spesiale Ondersoekspan van die
Spesiale Litigasie Eenheid van die Nasionale
Direkteur van Openbare Vervolgings, onder
leiding van Adv. A R Ackermann SC.
Ondersoeke waarby ek betrokke is het hoofsaaklik
op politieke geweldsmisdade betrekking wat
voor die 1994 algemene verkiesing plaasgevind
het.

²
Hierdie ondersoek word wesentlik deur die
Vrywaring - begeradiging en amnestie prosesse,
wat plaasgevind, het geraak. Ek het
derhalwe so ver moontlik navorsing gedoen
en statistieke bekom oor persone wat
amnestie, begeradiging of vrywaring teen
vervolging ontvang het.

³
Volgens gegewens tot my beskikking het
Buyusile Ronnie BLANI
geen amnestie, begeradiging of vrywaring
vir enige misdaad ontvang nie.

Geen algemene vrywaring teen vervolging
wat verleen is het geweldsmisdade

HJ

soos die aanval en moord van die bejaarde
egpaar, met Koos de Jager (72) en mev
Myrtle Louisa de Jager (), ingesluit nie
4.

Volgens die ondersoek weet ek ingestel het
kou Bayusile Ronnie BRANI nie tydens die
aanvanklike verhoor opgespoor word nie en
kon by derhalwe nie verhoor word nie.
Volgens inligting het hy hom gedurende
daardie tyd in die buiteland bevind
waardeen hy getuig het.

Nou, na afhandeling van die vywaring
en amnestieprosesse, blyk dit dat BRANI
geen kwytstelling van vervolging verkry
het nie, en derhalwe weens hierdie
aanklagte vervolgbaar is.

5

Ek is vertrouwd met die inhoud van
hierdie verklaring.



Ek het geen beswaar teen die afli van
die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die eed as bindend vir my
gewete

Pretoria

20 Februarie 2004

H. J. BRITTS



Sien Keesey

1. Het verslag dat de getuige afgeleesd heeft, is het verslag van de getuige van de gebeurtenissen die op de 20de van April 1964 in Pretoria, Oos-Transvaal, voorgevallen zijn.

2. Het verslag met de inhoud van beslaande verklaring is te vinden op bladzijde 1 en 2.

Antwoord.....

3. Het verslag is een afschrift van de afgeleesde verklaring van de getuige.

Antwoord.....

4. Het verslag is een afschrift van de afgeleesde verklaring van de getuige.

Antwoord.....

5. Het verslag is een afschrift van de afgeleesde verklaring van de getuige.


1. I solemnly swear before administration of the oath that the declaration I gave in the "Oath Book" is true and correct and I have not made any false statements in my answers to the questions and write down his/her answers with my presence.

(1) Do you know and understand the contents of the declaration?
Answer: YES

(2) Do you have any objection to taking the prescribed oath?
Answer: NO

(3) Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience?
Answer: YES

2. I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of the declaration which was sworn to above, and that the deponent's signature thereon was placed thereon in my presence.



Kommissaris van Edele-Commissaris of Oath

NAME: SELLO NATHANIEL SELOTA
ADDRESS: 28 CHURCH SQUARE
PRETORIA (SPP)

NAME: ADMIN CLERK Peritisk en Swaer Akt
ADDRESS: PRETORIA 5, Oos-Transvaal, Republiek van Suid-Afrika
DATE: 20.02.64

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
 SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **NATHANIEL JABULANI MBATHA**
 2. **LINDA PRECIOUS MNTAMBO**
 3. **GEORGE SONNYBOY MOGAPI**
 4. **SANDILE SHEPERD NDLUNGWANE**
- Saakdossiere: Orlando MR 411/9/88 - Poging to Moord**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 14/09/1988 om 22:00 is die woning van Dr **W M MATSIE** deur 'n groep persone aangeval. Dr **MATSIE** se seun, **JOSEPH MATSIE**, het die huis se deur na 'n geklop, oopgemaak. Hy is deur twee aanvallers oorval wat 'n AK 47 geweer op hom gerig het. Dr **MATSIE** se twee waghonde het die aanvallers bestorm waarop hulle die honde doodgeskiet en gevlug het.

Die aanval deur ANC lede hou klaarblyklik verband met 'n wegblyaksie wat nie deur Dr **MATSIE** gesteun is nie.

- (1) **N J MBATHA** is tydens die polisie ondersoek gearresteer, aangekla, is in die hof skuldig bevind en is gevonnissen.
- (2) **L P MNTAMBO** kon nie opgespoor word nie en 'n lasbrief vir sy arrestasie was uitgereik. Die lasbrief is gekanselleer nadat hy amnestie vir die daad ontvang het.
- (3) **G S MOGAPI** was 'n verdagte in die saak maar is weens onvoldoende getuieis nie vervolgt nie. Hy het egter aansoek om amnestie vir die daad gedoen, wat aan hom verleen is.
- (4) **S S NDLUNGWANE** het tydens 'n amnestie-aansoek aanspreeklikheid vir die daad aanvaar en amnestie is aan hom verleen.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 2 Februarie 2000 aan laasgenoemde drie persone verleen (SK 21627 ged 13 Oktober 2000).

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak kan as afgehandel beskou word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. **MILE BENNET PHETA**
 - 2. **KHANYISE ARTHUR MALGAS**
 - 3. **MZUKISI MICHAEL ALWYN**
 - 4. **BUYUSILE RONNIE BLANI**
- Saakdossier: Kirkwood MR 42/6/85 en 43/6/85 2x Moord**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 17/06/1985 is 'n bejaarde egpaar, mnr **KOOS DE JAGER** (72) en mev **MYRTLE LOUISA DE JAGER** op hulle plaas Enhoek, Kirkwood distrik, deur 'n groep jeugdiges aangeval. Hulle is uiters wreed aangerand en is vermoor. Die plaashuis is geplunder en geroof, waarop die aanvallers met die oorledenes se bakkie weggeroy het. Die aanvallers was betrokke by die Addo Youth Congress (AUC) wat 'n bende gevorm het en militant was.

Tydens die polisie ondersoek is 13 persone aangekla. Die aanklagtes teen 5 van hulle is teruggetrek terwyl die ander 8 in die Hooggeregshof, Port Elizabeth aan hierdie misdade skuldig bevind is.

Twee van hulle is ter dood veroordeel terwyl daar aan die ander 6 gevangenisstraf van tussen 13 en 25 jaar opgelê is.

Vier prominente verdagtes kon nie opgespoor word voor die verhoor nie en lasbriewe is vir hulle arrestasie uitgereik.

Gedurende 1996 het Speurder Inspekteur **ERASMUS** die ondersoek oorgeneem en het vasgestel dat drie van die gesoektes toe lede van die SA Weermag was. Hulle is:

(1) **MILILE BENNET PHETA**

Gebore 1965/04/25. Hy het toe die rang van majoor beklee en was te Zeerust gesetel.

(2) **KHANYISE ARTHUR MALGAS** (Mag nor 94977113 PR)

Gebore 1966/12/25. Hy het toe die rang van Luitenant gehad en was te Pietersburg gesetel.

(3) **MZUKISI MICHAEL ALWYN** (Mag nr 94681731 PR)

Gebore 62/04/24. Hy was by Oostelike Provinsie Kommandoment gesetel en het die rang van luitenant beklee.

Hy het hulle verwittig dat hulle die reg gehad het om vir amnestie aansoek te doen vir die misdade.

Die vierde verdagte **BUYUSILE RONNIE BLANI** (Gebore 65/06/14) kon steeds nie opgespoor word nie.

Die ondersoek is toe oorgedra aan die Spesiale Ondersoekspan van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Pretoria en is opgeskort hangende die amnestieproses.

2. **AMNESTIE**


Volgens beskikbare inligting het slegs **KHANYISO ARTHUR MALGAS** vir amnestie aansoek gedoen, wat op 13 September 1999 (SK 21326 ged 30/6/2000) aan hom verleen is. Geen amnestie of vrywaring ten opsigte van die ander drie **PHETHA, ALWYN** en **BLANI** kan gevind word nie.

3. **BESLISSING**

Dit kan afgelei word dat hierdie as 'n politieke verwante saak beskou word aangesien drie van die veroordeeldes nl **Z G TANA, M C MDAYI** en **M C MAKELENI** vrygelaat is tydens politieke onderhandelinge wat plaasgevind het. (sien aanhangsel). **MALGAS** het ook amnestie ontvang.

Weens die verwarring wat met die verskillende prosesse van vrywaring en amnestie ontstaan het, sal sekerheid van die uitstaande verdagtes verkry moet word oor hulle status in die verband, voordat lasbriewe uitgevoer word.

Indien die uitstaande verdagtes geen vrywaring of amnestie vir hierdie misdade verkry het nie, moet die ondersoek voortgesit word om te bepaal of die misdade steeds teen hulle bewys kan word.



Adv A R Aekermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

PROKLAMASIE**KOMMISSIE VIR WAARHEID EN VERSOENING: KOMITEE OOR AMNESTIE****No. R. 35, 2000****PROKLAMASIE INGEVOLGE ARTIKEL 20 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET No. 34 VAN 1995)**

Kennis word hiermee gegee dat amnestie kragtens artikel 20(1) van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet No. 34 van 1995), verleen is -

- (a) op 4 Augustus 1999 aan -
- (i) **THEMBINKOSI NGUBENI** (geboortedatum 19 September 1930);
 - (ii) **TREVOR MASILO** (geboortedatum 20 November 1970); en
 - (iii) **THOZAMILE EDWIN SIMELANE** (geboortedatum 17 September 1963),
- ten opsigte van -
- (aa) gewapende roof; en
 - (bb) die moord op **DAVID WILLIAMS** en **MOSES MANUEL**, gepleeg op of omstreeks 20 September 1991 in of naby Cleveland, Johannesburg; en
- (iv) **THEMBINKOSI NGUBENI** (geboortedatum 19 September 1930), ten opsigte van -
- (aa) ontsnapping uit wettige aanhouding; en
 - (bb) die diefstal van 'n gevangenisvoertuig wat in die ontsnapping gebruik is,
- gepleeg op of omstreeks 28 Julie 1993;
- (b) op 6 Augustus 1999 aan **PHILLIP JACOBUS FOUCHE** (identiteitsnommer 5210135014009), ten opsigte van regsverrydeling deurdat hy inligting verkry en aan Generaal Griebenauw verstrek het, welke inligting gebruik is om Charles Sebe onwettig uit die toenmalige Ciskei-gevangenis vry te laat, gepleeg in of omstreeks Augustus/September 1986 in of naby Middledrift, Oos-Kaap;
- (c) op 11 Augustus 1999 aan **CHARLES BONGANE ZWANE** (identiteitsnommer 6905135591083), ten opsigte van -
- (i) die moord op **NICHOLAS MASANGO TSHABALALA**;
 - (ii) die moord op **MASANGO NIMROD NKUMANDA**;
 - (iii) die moord op **JAN/BULANE MNGOMA**;
 - (iv) die poging tot moord op **MBULELO KAPU**;
 - (v) die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie; en
 - (vi) die onwettige besit van plofstowwe.

- (iii) **NQABA DANIEL XULU** (identiteitsnommer 7004295467083), ten opsigte van die moord op **DANIEL KHOZA**, gepleeg op of omstreeks 11 Januarie 1993 by die Pholosong-hospitaal, by Tsakane in die distrik Brakpan;
- (iv) **KHANYISO ARTHUR MALGAS** (identiteitsnommer 6603025291084), ten opsigte van -
- (aa) die moord op **KOOS DE JAGER**;
 - (bb) die moord op **MARIKA LOUISA DE JAGER**;
 - (cc) huisbraak met die opset om die **DE JAGERS** te beroof;
 - (dd) die roof, met verswarende omstandighede, en diefstal van 'n voertuig en 'n verskeidenheid huishoudelike items; en
 - (ee) die kwaadwillige beskadiging van eiendom deur die aan die brand steek van 'n Datsun-bakkie met die registrasieletters en -nommers **CB 8978**, die eiendom van die **DE JAGERS**,
gepleeg op of omstreeks 17 Junie 1985 by of naby Farm Enhoek by Addo, in die distrik Kirkwood;
- (q) op 17 September 1999 aan -
- (i) **CUNNINGHAM THOZAMILE NGCUKANA** (identiteitsnommer 6008285734080), ten opsigte van die werwing van jeugdiges vir militêre opleiding en die verlening van skuilplek aan opgeleide kaders van **APLA** wat vroeër in die land geïnfiltreer is, gepleeg gedurende die tagtiger- en negentigerjare;
 - (ii) **NETSHIKWETA SUMMERSCLE NTSHENHEDZENI** (identiteitsnommer 7110106565088), ten opsigte van die onregmatige besit van drie **AK 47**-vuurwapens en een handgranaat, gepleeg op of omstreeks 27 Maart 1994 by of naby die Kruger Nasionale Park;
- (r) op 17 September 1999 aan -
- (i) **BRIAN CLIFFORD THOBEJANE** (geboortedatum 27 Desember 1976);
 - (ii) **THOMAS NGOBENI** (geboortedatum 5 Februarie 1974);
en
 - (iii) **DONALD SHIRHAMI MUKHAWANA** (geboortedatum 2 Januarie 1975), ten opsigte van -
- (aa) die moord op **SANDRA SWANEPOEL**;

| SURNAME | OFFENCE | SENTENCE | PARTY | MIN | DATE | GAZETTE |
|----------------|--|---------------|-------|-----|----------|---------|
| STOFLE, B | Murder, Attempted murder | 8 yrs | UDF | 47 | 94/08/30 | 15995 |
| STOFLE, MM | Murder, Attempted murder | 8 YRS | UDF | 47 | 94/08/30 | 15995 |
| TEFFO, PL | Murder, Attempted murder, Arson | 15 yrs | ANC | 91 | 94/11/23 | 16158 |
| TLHARESENG, BV | Attempted murder, Further charge: Malicious damage to property | 8 yrs 3 mnths | ANC | 53 | 94/08/31 | 15995 |
| ZEYO, A | Culpable homicide (x2), Murder, Arson | 31 yrs | ANC | 47 | 94/08/30 | 15995 |
| ZIKHALALA, BE | Murder | 12 yrs | UDF | 66 | 94/09/29 | 16073 |

* Person had already been released.

C. PRISONERS RELEASED IN TERMS OF THE "RECORD OF UNDERSTANDING"

| SURNAME AND INITIAL | AFF | DATE OF SENTENCE AND OFFENCE | FILE | EFFECTIVE SENTENCE |
|---------------------|-----|--|---------|--------------------|
| Aaron Setaitai S | ANC | 90-01-17 Murder. Black man set alight with petrol while sleeping because the victim supported the government. | 43/0447 | 8 years |
| August L | ANC | 87-11-24 Culpable homicide (x2) Public violence - during riots the prisoner and others stoned a house and vehicle and set it alight. A 60 year old black male and child burnt to death in the house. Related to the elimination of councillors. | 23/8728 | 12 years |
| Bambimatho Z | ANC | 91-01-28 Murder, Public Violence. Attack by mineworkers on white personnel based on industrial grievances. | 61/8926 | 7 years |
| Bennet George G | ANC | 91-03-08 Culpable homicide | 32/3077 | 6 years |
| Beta ME | ANC | 88-09-12 Murder, During riots stabbed a policeman and murdered him with necklace method. Took him from house. | 36/5594 | 16 years |
| Bhalvi M | ANC | 90-01-24 Assault with intent (x6); Culpable Homicide; Murder; Malicious damage to property. Attacked a kraal of persons believed to be informers. Inhabitants assaulted, killed and huis damaged. | 47/1099 | 9 years |
| Bleki S | ANC | 89-08-01 Murder; Public Violence. Black man hit with axe and set alight. Attack on black councillors. Houses of 2 councillors burnt and a baby and councillor burnt to death. | 36/8027 | 14 years |
| Booi Thembikile T | ANC | 90-08-24 Murder. UYCO attack on member of AZAPO. Throat cut, one eye mutilated and disembowelled. | 36/9528 | 8 years |
| Booyen TS | ANC | 88-01-18 Murder. Threw a petrol bomb at house because the deceased was regarded as a collaborator during unrest. | 41/0745 | 15 years |

| SURNAME AND INITIAL | AFF | DATE OF SENTENCE AND OFFENCE | FILE | EFFECTIVE SENTENCE |
|---------------------|-----|---|---------|--------------------|
| Madasi | Z S | ANC 87-03-23 Murder. Killed a police man with necklace method. | 36/4271 | 18 years |
| Magaba | T H | ANC 87-08-25 Escaping; 88-07-12 Murder. Ex police man murdered with necklace method. | 35/9370 | 15 years |
| Magagula | M M | ANC 88-09-19 Murder. Deceased allegedly a spy responsible for the arrest of comrades. | 31/8114 | 15 years |
| Mahlangu | P J | ANC 88-07-28 Murder (x4); Attempted murder (x4); Arson. Threw petrol in house and set alight. Argument arose at shop. Intoxicated. Went to house of mother of person with whom argument was and set alight. | 35/1321 | 10 years |
| Mahleza | E Z | ANC 88-11-23 Murder. Deceased suspected of involvement in murders. Applicant and others went to the house of the deceased and forced him to go to the railway where he was stabbed and set alight. | 35/9803 | 10 years |
| Majola | D J | ANC 85-12-12 Murder. ANC versus IFP. Member of IFP killed. | 52/0588 | 9 years |
| Majola | P | ANC 87-08-18 Murder. Black woman 32 years old killed by burning. Killed his wife after an argument - accidental? Argument about money. | 34/4179 | 12 years |
| Makaleni | M C | ANC 87-01-08 Murder (x2); Housebreaking and theft. 12 members of the Addo Youth Congress attacked an elderly couple on a farm and murdered them. Thereafter took various articles from house and fled in the deceased's vehicle. | 38/7013 | 25 years |
| Makeleni | M | ANC 86-11-04 Murder by the necklace method. A group of persons stoned, assaulted and set alight a black woman. Suspected of being an informer. | 36/2203 | 12 years |
| Malaza | L | ANC 89-04-18 Robbery; Murder; Possession of fire-arm; Possession of ammunition | 23/4945 | 16 years |
| Maledi | B Z | ANC 86-09-08 Murder - Deceased attacked in house, hit with panga and set alight in street using a tyre. Alledged police informer. | 36/1946 | 14 years |
| Mamayo | J | ANC 87-08-28 Murder; Attempted robbery | 38/7088 | 18 years |
| Mangquza | M | ANC 91-01-28 Murder; Public Violence; Assault with intent to - Fight between Xhosas and Sothos at Matla mine killing 4. | 61/8932 | 9 years |
| Manzini | N | ANC 88-09-08 Murder. Necklace murder. Claims he was instructed by his organisation to disturb law and order. | 31/8085 | 17 years |
| Maqhubela | V | ANC 90-01-24 Murder; Culpable Homicide; Assault (x6). Attacked persons suspected of being informers and hacked to death (according to applicant). Court found that the deceased was killed because he opposed applicant's political actions. | 47/1098 | 9 years |
| Mazekso | M | ANC 91-01-28 Murder; Public Violence; Assault with intent to - Fight between Xhosas and Sothos at Matla mine killing 4. | | |

| SURNAME AND INITIAL | AFF | DATE OF SENTENCE AND OFFENCE | FILE | EFFECTIVE SENTENCE |
|-------------------------|-----|--|---------|--------------------|
| Mashego, Boet George | B G | 89-03-14 Murder (x2). Killed two women who practised traditional medicine. Accused of witchcraft and killed because they had bewitched and killed people. | 41/6645 | 16 years |
| Mashego, Dilai Louis | D L | 89-03-14 Murder (x2). Killed two women who practised traditional medicine. Accused of witchcraft and killed because they had bewitched and killed people. | 41/6647 | 16 years |
| Matshili W (Nkhumeleni) | W | 89-03-10 Murder (x4); Attempted murder; Kidnapping. Strike at City Deep. 5 non-strikers taken to COSATU House and assaulted. Taken to Prelecon. One tied up and stabbed. Stone dropped several times on his head and the heads of the others. Petrol poured over them and set alight. | 41/0868 | 18 years |
| Maxasa M | M | 90-11-28 Murder; Public Violence. Dissatisfied with corrupt headman. Killed him with the necklace method after the compound was attacked. | 47/1979 | 10 years |
| Mayakiswa Mbubuzi | M | 91-01-28 Murder; Public Violence | 61/8933 | 7 years |
| Mbambo | S T | 87-12-17 Murder; Culpable Homicide (x2); Arson - during riots black woman thrown with petrol, house set alight. Two children aged 7 and 3 burnt to death. | 36/0475 | 15 years |
| Mbatha | J | 88-09-30 Murder | 43/2173 | 10 years |
| Mbaza | A | 90-11-06 Murder (x4); Attempted murder (x5). At a tribe meeting 9 persons were identified as informers. The applicant and others took them to deserted spot, bound them with wire and set alight. 4 died and 5 survived. | 67/9722 | 20 years |
| Mbili | C F | 91-03-14 Murder | 52/0586 | 9 years |
| Mbotyana | M | 90-02-15 Murder; Robbery - during riots killed a black policeman and took his fire-arm. Shot dead. | 36/9311 | 10 years |
| McBride | R J | 87-04-13 Assault (x2); Murder (x3); Attempted murder, Aiding a prisoner to escape - during an attempt to assist a prisoner to escape shot two men - caused various explosions causing death and injuries - Magoo's Bar explosion - 9 charges of terrorism, harbouring terrorists. Detonated 4 limped mines at substation in Chamberlain road, placed explosives under vehicle in Pine Parade, caused two hand grenade explosions at private house, placed and detonated armotor bomb at Parade Hotel, caused a limped mine explosion at the Copper Shop, caused a limped mine explosion at oil tank and pipe line and caused two limped mine explosions at water pipe line. | 38/7043 | Life |
| Ndabangaye | S | 87-08-25 Murder. Deceased was an ex police man. Murdered with the necklace method. | 35/9367 | 15 years |
| Mdayi | N C | 87-01-08 Murder (x2); Housebreaking with intent to rob and robbery. Attack on farm killing the elderly owners and robbing possessions. Killed to put pressure on government. | 22/6436 | 16 years |
| Mdiza | M | 87-11-24 Culpable Homicide (x2); Public Violence - during riots the prisoner and others stoned a house and vehicle and set it alight. A black male and child burnt to death in the house. Applicants stated that the attack was aimed at the mayor's concubine who, together with her family were supporters of the mayor and his councillors. | 35/9477 | 12 years |

| SURNAME AND INITIAL | AFF | DATE OF SENTENCE AND OFFENCE | FILE | EFFECTIVE SENTENCE |
|---------------------|------------|--|---------|------------------------|
| Simama | M ANC | 86-09-08 Murder, 87-02-26. Culpable Homicide. House of constable attacked with stones and petrol bombs. Sat 18 year old black man alight with tyre. Member of UDF. States that offences committed to show government how they are being suppressed. | 29/1096 | 16 years and 6 months |
| Seshuba | MP ANC | 90-01-17 Murder. Killed the deceased because he supported the Government. | 43/0446 | 10 years |
| Sithembiso | M ANC | 91-01-28 Murder, Public Violence | 61/8934 | 7 years |
| Sithole | T ANC | 91-05-17 Murder | 37/2810 | 8 years |
| Skosana | George ANC | 87-06-11 Murder, Theft of fire-arm. Hit 45 year old black woman with fist, kicked her and stoned her. Allege that victim was informant. | 38/7058 | 20 years |
| Sobekwa | M ANC | 90-01-24 Murder, Culpable homicide; Assault (x6). Attacked the inhabitants of a kraal and assaulted them. Huts damaged and set alight. | 47/1095 | 9 years |
| Strydom | BH WW | 89-05-25 Murder (x6); Attempted murder (x16); Pointing a fire-arm. Indiscriminate attack on black persons in Pretoria. | 41/0884 | Life |
| Tania | ZG ANC | 87-01-08 Murder (x2); Housebreaking with intent rob and robbery. Attacked an elderly couple on farm, killed them and stole their property. | 36/3978 | 16 years |
| Tsawane | J ANC | 86-02-07 Robbery, 86-09-22 Murder, Robbery; | 29/6344 | 15 years |
| Tshabalala | M.K. ANC | 87-08-14 Culpable homicide; - Stabbed a black male 87-09-07 Assault with intent to cause grievous bodily harm - Stabbed a black female with bottle damaging her eye and hand. | 34/8190 | 9 years |
| Tshibo | M ANC | 88-07-12 Murder (x2) by the necklance method; 88-07-29 Escaping; Deceased were pro government. | 36/3599 | 12 years |
| Twala | S ANC | 90-08-17 Murder. Black female killed. S v Motaung 1990 (4) SA 485 AD. | 38/7715 | 7 years |
| Tyaliwe | F ANC | 87-03-13 Murder, Public Violence. Deceased was witch doctor accused of using witchcraft to prevent the burning down of a policeman's house. Attacked house chased the deceased, stoned him and stabbed him with knives and set him alight with petrol. | 32/2957 | 18 years |
| Tyenele | A ANC | 86-09-15 Robbery, 87-03-23 Attempted murder, 87-12-17 Assault with intent (x2). | 35/5597 | 14 years and 10 months |
| Van Staden | G ANC | 87-05-11 Failing to appear in court; 87-06-10 Murder. Killed a black man with a sharp object | 34/0168 | 15 years and 3 months |
| Watermeyer | A ANC | 89-08-01 Murder (x2); Attempted murder - with accomplices attacked the houses of two councillors. The one house was set alight and it was attempted to set alight the councillor - A baby was burnt to death. The other councillor was assaulted with sharp objects and murdered with the necklance method. | 36/8081 | 16 years |

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **LINDA PRECIOUS MNTAMBO**
 2. **SANDILE SHEPERD NDLUNGWANE**
 3. **GEORGE SONNYBOY MOGAPI**
- Saakdossier: Moroka MR 360/9/88
-

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 14/09/1988 is 'n handgranaat na die sitkamervenster van mev **ELIZABETH SITHOLE** se woning in Moroka gegooi. Die handgranaat het die venster gemis en het buite die huis ontplof. Mev **SITHOLE** was ten tye van die voorval 'n Direkteur van Gemeenskapsake by Soweto Stadsraad gewees. Haar gesin was in die sitkamer en sou waarskynlik dood gewees het as die handgranaat die venster getref het.

Tydens die polisie ondersoek was bovermeldes, **MNTAMBO**, **NDLUNGWANE** en **MOGAPI** as verdagtes aangehou. Daar was egter slegs getuienis om **MNTAMBO** te vervolg en 'n lasbrief vir sy arrestasie was uitgereik, nadat hy ontsnap het. Bovermelde het egter in amnestie aansoeke aanspreeklikheid vir die daad aanvaar en amnestie is aan hulle verleen.

Die lasbrief vir **MNTAMBO** se arrestasie is op grond van die amnestie wat verleen is gekanselleer.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 2 Februarie 2000 aan laasgenoemdes verleen (SK 21627 ged 13/10/2000).

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak kan as afgehandel beskou word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR
/tp

Verw : A28
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

**MZWANDILE HOLLINGWOOD GUSHU
Saakdossier: Langverwagt MR 25/11/91 - Moord**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 4/11/1991 is die oorledene, **ADVICE GWALA** (31 jaar oud) by sy woning te Emmatennte, Langverwagt, Evander deur gobenoemde, **M H GUSHU**, met 'n AK 47 geweer doodgeskiet. Die oorledene was 'n Inkhatha lid gewees. **GUSHU** is weens die misdaad skuldig bevind en is tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Hy het egter amnestie ontvang.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 15 Desember 1998 aan bogenoemde verleen (SK 19703 gedateer 29/1/1999).

3. BESLISSING

Hierdie saak is in die hof afgehandel en bogenoemde het amnestie ontvang. Die saak hou verband met die "Black Cats" ondersoek wat verder in totaliteit beoordeel moet word.



Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
 SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen
MZWANDILE HOLLINGWOOD GUSHU
Saakdossier: Langverwagt MR 25/11/91 - Moord

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 4/11/1991 is die oorledene, **ADVICE GWALA** (31 jaar oud) by sy woning te Emmatennte, Langverwagt, Evander deur bogenoemde, **M H GUSHU**, met 'n AK 47 geweer doodgeskiet. Die oorledene was 'n Inkhatha lid gewees. **GUSHU** is weens die misdaad skuldig bevind en is tot 25 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Hy het egter amnestie ontvang.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 15 Desember 1998 aan bogenoemde verleen (SK 19703 gedateer 29/1/1999).

3. BESLISSING

Hierdie saak is in die hof afgehandel en bogenoemde het amnestie ontvang. Die saak hou verband met die "Black Cats" ondersoek wat verder in totaliteit beoordeel moet word.


 Adv A R Ackermann S C
 SPECIALE DIREKTEUR

/tp

Dossier na Adv. Mc Adlam (Black Cats episode)

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : DIE STAAT teen
MXOLISI EDWARD PETANE
Saakdossier: Guguletu MR 272/6/86**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Bogenoemde was aangekla en skuldig bevind op aanklagte van poging tot moord asook terrorisme. Hy is tot 17 jaar effektiewe gevangenisstraf gevonniss.

Hy het om amnestie aansoek gedoen.

2. AMNESTIE

Amnestie is op 30/5/2001 aan bogenoemde verleen.

3. BESLISSING

Geen ander persone word by die misdaad betrek nie en die ondersoek is afgehandel.

Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen
1. PHANUEL PHULE
2. ALFRED MABANDLA WULANA @ THABO
Saakdossier: Ottoshoop MR 33/11/87

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Twee gesteld landmyne (anti-tank myne) is op 21/11/1987 op verskillende plaaspaaie in die Ottoshoop/Marico distrik gevind en is onskadelik gestel.

PHANUEL PHULE is weens die misdaad as hulpverlener gearresteer en is op 22/8/1988 tot 8 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Gedurende Maart 1991 is die hoofverdachte **ALFRED M WULANA** gearresteer en aangekla. Hy het aansoek om vrywaring gedoen en die saak teen hom is op grond daarvan teruggetrek.

2. VRYWARING

ALFRED M WULANA het volgens inligting ingevolge SK 13202 par a, b en c(vi), vrywaring teen vervolging ontvang.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A31
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **ASHLEY KRIEL**
 2. **JEFFREY THEODORE BENZIEN**
- Saakdossier: Athlone MR 109/7/87

1. **KORT BESKRYWING VAN MISDAAD**

Op 9/7/1987 is **ASHLEY KRIEL** wat van terrorisme verdink is, te Hazendal, Athlone deur S/A/O **JEFFREY T BENZIEN** doodgeskiet toe hy hom na bewering wou arresteer.

S/A/O **BENZIEN** het om amnestie aansoek gedoen vir die dood van **KRIEL** sowel as regsverdeling betreffende die geregtelike doodsondersoek wat gehou is.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 17/2/1999 aan **J T BENZIEN** ten aansien van hierdie saak verleen.

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A32
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

17 Julie 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

**AMOS FISH MAHLALELA
Saakdossier: Nelspruit MR 23/8/90**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Na bewering het bogenoemde (**AMOS FISH MAHLALELA**) vergesel van **CHIPPA**, elk twee kleefmyn, 'n groot SPM kleefmyn en 'n mini 158 kleefmyn, op of omtrent 1990/08/02, by die Mathebula Busdiens, Nelspruit gestel. **MAHLALELA** het sy kleefmyne teen 'n paal voor die werkwinkel teen mekaar geplaas. **CHIPPA** het sy kleefmyne onder 'n bus gestel wat geparkeer was. Die groot kleefmyne was met ontstekers toegerus terwyl die mini kleefmyne sonder ontstekers was.

Die kleefmyne is voordat dit ontplof het gevind en is deur die SA Polisie vernietig.

MAHLALELA is gedurende Februarie 1991 vir moord en besit van terroristewapenbuit, (Mbuzini MR 5/1/90) gearresteer. Hy het in 'n bekentenis wat hy afgelê het ook hierdie misdaad erken en het uitwysings van die toneel gedoen. **CHIPPA** is nog nie opgespoor nie.

2. AMNESTIE / VRYWARING

MAHLALELA is later vrygelaat en het vrywaring teen vervolging weens die moord ontvang. (SK 15998 gedateer 1994/09/23). Hy het ook amnestie vir die moord en besit van terroristewapentuig, wat hy gedurende Februarie 1991 besit het, ontvang. Wat hierdie saak betref kan geen vrywaring of amnestie gevind word nie. Algemene amnestie ingevolge SK 13202 gedateer 24 April 1991 mag moontlik op die saak betrekking hê.

3. **BESLISSING**

Die enigste getuieenis wat **MAHLALEKA** met hierdie misdaad verbind is 'n bekentenis en uitwysing wat hy gemaak het. Weens bewerings van aanranding mag die toelaatbaarheid daarvan probleme oplewer.

Verder is die kleefmyne gevind voordat dit ontplof het en vernietig is. Geen persoon is derhalwe gedood of beseer nie. Skade aangerig tydens die vernietiging is uiters gering.

MAHLALELA het verder vrywaring teen vervolging en amnestie verkry vir moord en wapens wat tydens sy arrestasie gevind is.

Onder omstandighede is die kans op 'n suksesvolle vervolging gerig. Vervolging op hierdie aanklagte word op hierdie stadium geweier.

Geen verdere ondersoek is nodig nie en die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

5 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

Saakdossier: Thabazimbi MR 43/4/79 - Moord

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Besonderhede word in 'n feiteverslag deur Dir F J P Nel gedateer 17 November 2000 verstrekk - Aanhangsel "A".

2. AMNESTIE / VRYWARING

So ver as wat daar vasgestel kan word het nie een van die twee verdagtes amnestie of vrywaring gevra of verkry nie. Hulle is

- (1) **JOHN MSIBI** ook bekend as **FELIX GUY MOTJALE**
- (2) **MIKE MHLONGO**, ook bekend as **DENNIS RAMPHOMANE**

3. BESLISSING

Die getuienis teen die twee verdagtes is onvoldoende.

Op hierdie stadium is hulle ook nog nie opgespoor nie. Dit kan oorweeg word om 'n Artikel 204 vrywaring aan een van die verdagtes aan te bied.

Ek betwyfel egter sterk of dit enigsins iets gaan oplewer. Die moord het in 1978 plaasgevind. Stel voor dat hierdie dossier afgesluit word aangesien vooruitsigte 'n *prima facie* saak myns insiens is.



Adv A R Aekermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

THABAZIMBI MR 43/4/79

1. FEITEVERSLAG deur die Spesiale Ondersoekspan van die Direkteur van Openbare Vervolgings onder leiding van advokaat P H H Fick Sc.
2. AARD VAN ONDERSOEK
Moord, meneer Jacob Gabriel van der Merwe op of omtrent 1 November 1978 in Thabazimbi distrik (sy liggaam is nooit gevind nie).
3. OPSOMMING VAN DIE GETUIENIS
- 3.1 OPSOMMING VAN DIE GETUIENIS SOOS OP 1997-01-31 - Aangangsel A
- 3.2 AANVULLENDE VERKLARING VAN PETER MOGOAI, onder eed
Hy identifiseer nou die verdagtes, waarvan hy eers net die skuilname geken het, soos volg :
 - a) PEDRO - as 'n persoon wat na die PAC aangeloop het en wat gedurende 1979 deur die ANC in Botswana doodgeskiet is.
 - b) MNZUREWA - as 'n persoon wat gedurende Januarie 1979 by Derdepoort deur die Veiligheidsmagte doodgeskiet is.
 - c) JOHN MSIBI - as Felix Guy Motjale wat van Potchefstroom afkomstig is.
 - d) MIKE MHLONGO - is bekend as Dennis Ramphomane, wat waarskynlik tans 'n lid van die S A Weermag is.
4. OPMERKINGS
- 4.1 DIE SAAKDOSSIER
Die saakdossier word steeds vermis maar 'n afdruk daarvan is beskikbaar.
- 4.2 DIE MISDAAD IS POLITIES VAN AARD
Meneer van der Merwe (die oorledene) was die slagoffer van 'n militêre opgeleide ANC groep wat in opdrag van die ANC op 'n sending in die RSA was.
Hoewel daar geen getuienis bestaan dat die groep spesifieke opdrag vir hierdie moord gehad het nie, kan dit beskou word as 'n aanvaarbare uitvloeiing van optredes wat gedurende sodanige operasies plaasgevind het.
In die ANC se voorlegging en getuienis voor die Waarheids en Versoeningskomitee (WVK) is daar nie spesifiek na hierdie moord verwys nie, maar soortgelyke voorvalle is as voorbeelde vermeld waar

operasionele eenhede diskresionêr geoorloof was om self oor optredes te besluit, wat hulle in belang van in sending of die ANC se gewapende vryheidstryd beskou het. Hierdie geval kan ook daaronder tuisgebring word.

Hierdie moord mag ook verband hou met amnestie aansoeke van ANC leiers, bevelvoerders en uitvoerders, waaroor daar nog nie uitsluitel van die Amnestie Komitee verkry kon word nie. (Aansoeke is gepriviligeerd en is in baie gevalle baie vaag omskryf).

Dit is bekend dat die ANC volle verantwoordelikheid vir ANC verwante voorvalle aan die grensgebiede van Transvaal aanvaar het.

As voorbeeld word na die amnestie uitspraak van generaal Siphewe Nyana, Solly Shoke en Dick Mkhonto (Amnestie verhoorsaak nr AC/2000/111) verwys. (Die saak het slegs op 'n gedeelte van hulle aansoeke betrekking.)

In die saak, wat op voorvalle aan die oosgrens van Transvaal, gedurende 1985 tot 1987, betrekking het, meld advokaat Berger, namens die applikante, onder andere die volgende :

"... S A government encouraged white farmers to stay and farm along the borders by providing loans to them; the farms were managed according to SADF directives and farmers were to always avail themselves to the SADF to carry out reconnaissance and intelligence. Thus they were incorporated into the SADF and were regarded as legitimate targets by MK."

Die Amnestie Komitee het in hierdie geval amnestie verleen vir alle aktiwiteite van operasie "Cetshwayo", of voorvalle wat daarmee verband hou, insluitende verskeie landmynontploffings.

5. AARD VAN DIE GETUIENIS

5.1 Getuienis oor die ANC groep se betrokkenheid by hierdie moord berus primêr op hoorsê getuienis wat die beweerde moordenaar van die groep, bekend as Pedro of Alex, aan twee getuies (A1 en A2) sou vertel het. Hoewel die weergawes die groep se betrokkenheid by die moord staaf, is daar ook wesenlike verskille van mekaar en teenstrydighede met sekere feitlike bevindings van die ondersoek, byvoorbeeld die hoeveelheid skote wat geskiet is en die bewering dat die voertuig se bande stukkend gestek is, wat onwaar is. ?

5.2 Volgens getuienis is Pedro (of Alex) reeds oorlede, wat hierdie getuienis teen die oorblywende verdagtes waardeloos maak.

5.3 Die liggaam van meneer van der Merwe (die oorledene) is nooit gevind nie. Omstandighedsgetuienis van die voertuig en artikels wat gevind is, bevestig die hoorsê getuienis dat meneer van der Merwe inderdaad vermoor is.

6. UITSTAANDE VERDAGTES

Inligting betreffende die twee oorlewende verdagtes dui daarop dat :

- a) Felix Guy Motjale (John Msibi) hom tans by 'n bekende adres in Australië bevind.*
- b) Dennis Ramphomane (Mike Mhlongo) is waarskynlik 'n amptelike lyfwag van 'n uitvoerende lid van die Noord-Wes Regeringsdiens.*

7. AANBEVELINGS

- 7.1 Dit word aanbeveel dat die amnestie status van moontlike verdagtes en opdraggewers eers uitgeklaar moet word.*
- 7.2 Afgesien van moontlike amnestie aansoeke, is die getuienis teen die twee verdagtes onvoldoende om aansoek om lasbriewe te doen.*

8. BESOEK AAN MEVROU VAN DER MERWE

Mevrou van der Merwe (eggenote van die oorledene) is op 13 September 2000 deur die ondersoekspan (Direkteur Nel en Senior Superintendent Brittz), vergesel van oud-brigadier Loots, besoek. Brigadier Loots ken mevrou van der Merwe en was voorheen by die ondersoek betrokke.

Sy is oor die stand van die ondersoek ingelig, sowel as die problematiek rondom bewyslewering en die onafgehandelde amnestieproses.

Sy het groot waardering vir die besoek, vir vordering wat deur die ondersoek gemaak is, en besef die politieke verwantskap van haar man se dood. In die lig daarvan het sy ook reeds om vergoeding by die WVK aansoek gedoen.

9. VOORSTEL VAN DIE ONDERSOEKSPAN

Daar word voorgestel dat hierdie ondersoek, in die lig van die politieke aard daarvan, die onafgehandelde amnestieproses, sowel as onvoldoende getuienis, voorlopig opgeskort word.

Verwikkelinge sal egter deurlopend deur die ondersoekspan gemonitor word.

_____DIREKTEUR

F J P NEL

Datum : 17 November 2000

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

5 August 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : DIE STAAT teen GEORGE MATSIE MBAJANE (MK JABU
MKIZE)
Saakdossier: Moroka MR 644/8/90 - Moord en Poging tot moord**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 22/08/1990 het 'n persoon 'n handgranaat by die venster van 'n SA Polisie patrolliewa ingegooi, wat by 'n verkeerslig in Moroka, Soweto stilgehou het. Daar was drie polisiebeamptes wat voor in die bakkie gesit het. Die bestuurder, Sers **DIRE** en die passasier in die middel, Sers **NTSILA** het uit die bakkie gespring voordat die handgranaat ontplof het. Konstabel **MNCUNU**, wat lonks voor gesit het, is in die ontploffing gedood.

Tydens die polisie-ondersoek is bogenoemde, **GEORGE MATSIE MBAJANE** met die aanval verbind, gearresteer, aangekla en sou in die Hooggeregshof, Johannesburg tereg staan weens hierdie misdade. Hy het egter voor sy verhoor ontsnap.


2. AMNESTIE / VRYWARING

Bogenoemde het vrywaring teen vervolging ten opsigte van hierdie misdade ontvang. (Verw 2717/91 SP MIN 78/94 SK 16072 ged 03/11/1994).

3. BESLISSING

Die ondersoek is volledig en afgehandel. Weens die vrywaring wat verleen is kan geen vervolging ingestel word nie.

Die saak word as afgehandel beskou. 'n Besluit moet geneem word ten aansien van die hou van 'n geregtelike doodsondersoek.



Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

JHB
GO Afgehandel No 2595/90

PG JGO 92/1991 god. 10/7/92.

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

5 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. NKAMONA PAUL ANDREW MATHABATHE**
- 2. GEORGE SONNYBOY MOGAPI**
- 3. SANDILE SHEPERD NDLUNGWANE**
- 4. LINDA PRECIOUS MNTAMBO**
- 5. SAZI RONNIE NDLOVU**

Saakdossier: Orlando MR 278/10/88

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1988/10/09 het 'n gewapende aanval by die woning van T/Sers **P HLOMANE** te Dube 2124, Soweto plaasgevind.

Konstabel **M E MOLEFE**, wat ook daar gewoon het, is by sy voertuig voor die huis doodgeskiet en sy vriendin is beseer.

Tydens die ondersoek is 'n ANC groep, wat uit bogenoemde persone bestaan het, verdink dat hulle by 'n hele reeks politieke geweldsmisdade betrokke was. Hierdie aanval was daarby ingesluit.


MNTAMBO, wat in polisie aanhouding was en ontsnap het, wat egter die enigste een teen wie 'n *prima facie* saak bewys kon word en 'n lasbrief vir sy arrestasie was uitgereik. Die lasbrief is egter gekanselleer nadat hy amnestie vir die saak ontvang het.

2. AMNESTIE / VRYWARING

Bovermeldes het op 2 Februarie 2000 amnestie vir die aanval en moord ontvang (SK 21627 gedateer 13 Oktober 2000).

3. **BESLISSING**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPECIALE DIREKTEUR

/tp

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

MPASA JACOB RAPHOLO (SENZENI) MK THABO

Saakdossiere:

1. Ellisras MR A28/8/88
2. Roedtan MR 17/12/89
3. Pretoria-Wes MR 126/1/90
4. Pietersburg MR 261/1/90

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

(1) Ellisras MR A28/8/88 – Moord en Poging tot Moord

JACOB RAPHOLO MK Thabo (bovermelde) infiltreer op 1988/08/08 saam met 6 ander ANC lede vanaf Botswana in die distrik van Ellisras, waar die veiligheidsmagte van hulle bewus word. 'n Opvolg aksie deur die SAP en SAW word geloods. Die Rapholo groep lê 'n hinderlaag vir die spoorsnyers waartydens **Konst N C CLAASEN** gedood en Sers **W J VAN ROOYEN** ernstig verwond word in die skietgeveg. Een van die ANC lede is ook gedood. Die ANC lede het terug gevlug na Botswana maar het 'n groot hoeveelheid wapentuig en toerusting agter gelaat. (Rapholo het amnestie ontvang)

(2) Roedtan MR 17/12/89

Op 1989/12/26 is die BP Garage, Roedtan deur twee gewapende mans van R1 887,00 beroof. Twee ANC lede **JACOB RAPHOLO** en **WILLIE MADITSI** (oorlede) word met die gewapende roof verbind. **RAPHOLO** word deur 'n bekentenis voor 'n landdros afgelê, uitwysing wat hy aan Lt **DE LANGE** gedoen het asook omstandighedsgetuienis met die misdaad verbind.

(Vir hierdie saak het **RAPHOLO** vrywaring ontvang).

(3) **Pretoria-Wes MR 126/1/90 – Poging tot moord en roof**

Op 1990/01/09 het twee mans met handwapens in hulle hande, die SAVD kantoor, Cordelfos Spoorwegstasie, Pretoria-Wes ingestorm. Hulle het die wapens op Mnr **O B VAN DYK** en **C J GILALI** gerig wat in die kantoor was. Hulle het die voertuig se sleutel geeis wat **VAN DYK** geweier het. Twee skote is daarop deur die aanvallers afgevuur waarvan een **VAN DYK** in die skouer getref het. Die aanvallers het daarop gevlug.

WILLIE MADITSI (oorlede) en **JACOB RAPHOLO** word deur verskeie getuies met die misdaad verbind.

(Vir die misdaad het **RAPHOLO** amnestie ontvang).

(4) **Pietersburg MR 216/1/90 – Poging tot moord, ontsnapping en die onwettige besit van wapentuig**

Op 1990/01/12 het Konst **F P VORSTER** saam met die onluseenheid misdaadvoorkomingsdienste in Pietersburg gedoen. Konst **VORSTER**, wat die bestuurder van 'n SA Polisie opruktrok was, het twee verdagtes wat gearresteer was, in die opruktrok toegesluit. Hulle is later as **JACOB RAPHOLO** en **WILLIE MADITSI** (oorlede) uitgeken.

Terwyl hy die opruktrok se deur weer oopgemaak het om nog persone in te laai het **RAPHOLO** twee skote met 'n vuurwapen op hom geskiet wat hom in die bors en bo-been getref het. **VORSTER** het gevlug terwyl **RAPHOLO** hom gevolg en nog skote op hom geskiet het. Nog twee skote het hom in die boude getref. Beide **RAPHOLO** en **MADITSI** het toe gevlug.

Tydens die ondersoek is 'n huis in Boyne, Pietersburg geïdentifiseer waar die verdagtes (**MADITSI** en **RAPHOLO**) gewoon het.

WILLIE MADITSI is op 1990/01/13 doodgeskiet toe hy hom teen arrestasie verset het. Op 1990/01/15 is **JACOB RAPHOLO** gewond en gearresteer toe hy hom ook teen arrestasie verset het.

RAPHOLO het na sy arrestasie sy samewerking gegee, 'n bekentenis voor 'n landdroos afgelê, uitwysings van tonele, wapentuig en getuies gedoen, asook inligting verskaf wat opgevolg is. Handgranate, AK 47 gewere en pistole is tydens die verdere ondersoek gevind.

(**RAPHOLO** het amnestie vir hierdie misdade ontvang).

2. **AMNESTIE / VRYWARING**


Op 30 Mei 2000 het bovermelde amnestie ontvang op al hierdie sake, uitgesonderd die gewapende roof te Roedtan.

Hy het egter vrywaring teen vervolging ontvang wat die roof te Roedtan insluit (SK 13405 gedateer 10 Julie 1991).

3. **BESLISSING**

Die ondersoek in die sake is volledig. Bogenoemde het amnestie en vrywaring teen vervolging ontvang wat al die klagtes dek.

'n Geregtelike doodsondersoek sal gehou moet word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A37
 Navraag: Adv A R Ackermann S C
 Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
 SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

11 August 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : DIE STAAT teen
 SIFISO SIPHIWE KUNENE**
Saakdossier: CR Swartplein MR 384/10/88

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1988/10/07 om 14:50 het 'n ploftoestel in die ^{CNA}CAN Boekwinkel se Wesstraat tak afgegaan wat 'n brand en geringe skade aangerig het. Niemand is beseer nie.

Die polisie-ondersoek het geen positiewe inligting opgelewer nie. **SIFISO S KUNENE** het aanspreeklikheid vir die ontploffing aanvaar en het om amnestie aansoek gedoen, wat aan hom verleen is.

2. AMNESTIE / VRYWARING

Amnestie is op 4 Oktober 2000 aan bovermelde verleen.

3. BESLISSING

Hoewel "Chamane" in die amnestie aansoek as die uitvoerder van die misdaad genoem word bestaan daar geen ander inligting om hom op te spoor of met die misdaad te verbind nie. Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
 SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A38
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

12 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

Saakdossier: Davel MR 25/5/86

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1986/05/26 om 16:40 het 'n landmyn onder 'n trekker op die plaas Graspan in die Davel distrik ontplof. Die trekker, wat 'n sleepwa met arbeiders op, getrek het, is tydens die ontploffing beskadig. Die trekker-bestuurder is tydens die ontploffing beseer.

Hoewel die amnestie wat op 22 Junie 2000 aan **SIPHIWE NYANDA** en 2 ander verleen is betreffende die stel van landmyne en landmynontploffings in Oos-Transvaal, kan dit nie bewys word dat dit ook op hierdie saak betrekking het nie.

2. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A39
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

12 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

Saakdossier: Davel MR 24/5/86


1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1986/05/25 is 'n gestelde landmyn op 'n plaaspad, op die plaas Nooitgedacht in die Davel distrik opgespoor en is onskadelik gestel.

Hoewel die amnestie wat op 22 Junie 2000 aan **SIPHIWE NYANDA** en 2 ander verleen is betreffende die lê van landmyne en landmynontploffings in Oos-Transvaal, moontlik ook met hierdie saak verband mag hou, kan dit nie bewys word nie.

2. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A40
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

12 August 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. **CHARLES BONGANI ZWANE**
2. **WINNIE MANDELA SOKKERKLUB (JEUGKLUB)**

Saakdossiere:

1. **Orlando MR 839/12/88 – 5 x Moord**
2. **Meadowlands MR 309/1/89 – 3 x Moord**
3. **Orlando MR 29/4/89**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Die ondersoek het op die volgende sake betrekking:

- (1) Op 1988/12/26 om 22:30 het twee gewapende mans 'n groep persone wat by 'n woonhuis te Orlando-Oos 1674 gesit en drink het, met AK 47 gewere aangeval. Tydens die aanval is 5 persone doodgeskiet en 5 ander persone het skietwonde opgedoen (Orlando MR 839/12/88).
- (2) Op 1989/01/20 om ongeveer 21:15 het twee gewapende mans met 'n voertuig in die omgewing van die Meadowlands hostel rondgery op soek na polisiebeamptes om te skiet. Hulle het drie munisipale polisiebeamptes opgemerk en het met 'n AK 47 geweer op hulle geskiet. Twee polisiebeamptes is doodgeskiet terwyl die derde ernstige skietwonde opgedoen het. 'n Lid van die publiek wat in die omgewing was is ook doodgeskiet. (Meadowlands MR 309/1/89).

- (3) Op 1989/02/22 om 21:00 het gewapende mans 'n woonhuis te Orlando-Wes 7556 uit weerwraak met AJ 47 en petrolbomme aangeval. Die aanval was teen die eienaar se seun gemik, was nie tuis was nie. Skote is deur die slaapkamervenster geskiet en die huis is aan die brand gesteek met die petrolbomme wat deur die venster gegooi is. 'n Jong meisie is doodgeskiet en 2 persons het brandwonde opgedoen. (Orlando MR 29/4/89)

Uit die ondersoek het dit geblyk dat **CHARLES BONGANI ZWANE** saam met **SODWABA** (oorlede) en **GAYBON** (gearresteer vir die moord op **STOMPIE MOKETZI**) by die aanvalle betrokke was. Hulle was lede van die Winnie Mandela Sokkerklub gewees en het na bewering gereeld aan Winnie Mandela verslag gedoen betreffende geweldsmisdade waarby hulle betrokke was.

Lede van hierdie sokkerklub was by verskeie ander misdade betrokke en het klaarblyklik die wapens onder mekaar uitgeruil vir gebruik (Sie onder andere MR 443/10/88).

ZWANE is weens bogenoemde klagtes skuldig bevind en is op 1990/09/17 soos volg gevonniss :

- 9 aanklagtes van Moord – doodstraf op elke klagte
- 8 aanklagtes van poging to Moord – 8 jaar gevangenisstraf op elke klagte, wat samelopend is .
- Brandstigting – 2 jaar gevangenisstraf
- Besit van AK 47 geweer – 10 jaar gevangenisstraf.
- Besit van ammunisie – 1 jaar gevangenisstraf

2. AMNESTIE

C B ZWANE het op 11 Augustus 1999 amnestie ontvang vir die aanval te Meadowlands op polisiebeamptes, sowel as vir die onwettige besit van vuurwapens. Ammunisie en plofstof. Amnestie ten opsigte van die ander sake is aan hom geweier.

3. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A41
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

15 Augustus 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

- 1. ISAAC MOKGORO**
- 2. SIZWE SITHOLE**

Saakdossier : Orlando MR 443/10/88 - Moord

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1988/10/15 is die oorledene, **KENNETH DLAMINI**, (21 jaar oud) in 'n straat te Orlando-Wes met 'n AK 47 geweer doodgeskiet.

Volgens verskeie getuies wou **SIZWE SITHOLE** (oorlede) die oorledene doodskiet uit weerwraak oor 'n messtekery wat maande vroeër plaasgevind het. **SITHOLE** het die betrokke aand die oorledene met die AK 47 gejaag. **ISAAC MOKGORO** het die oorledene voorgekeer, op die grond vasgedruk terwyl **SITHOLE** die oorledene met die AK 47 deur die kop geskiet het. Die AK 47 het outomaties gevuur en 10 patroondoppies is op die toneel gevind.

SITHOLE is tydens die ondersoek gearresteer maar is weens selfmoord in die sel oorlede. (Die Goldstone Kommissie het die sterfgeval ondersoek).

MOKGORO kon nie opgespoor word nie en 'n lasbrief vir sy arrestasie is uitgereik.

Beide verdagtes was lede van die Winnie Mandela sokkerklub gewees.

'n Geregtelike Doodsondersoek was op 1989/12/21 gehou waartydens bevind is dat **SIZWE SITHOLE @ VIC MORO** en **ISAAC MOKGORO @ BUTILE** vir die oorledene se dood verantwoordelik gehou kan word.

Gedurende 1995 was inligting ontvang dat **ISAAC MOKGORO** toe 'n lid van die SANW was. Weens die amnestieproses is die ondersoek toe voorlopig opgeskort. Geen record kan egter gevind word dat **MOKGORO** vrywaring of amnestie ontvang het nie.

Dieselfde AK 47 geweer word ook ballisties met die volgende misdade verbind:

- (a) Orlando MR 576/2/89 – Moord (kind)
- (b) Jubalani MR 168/3/89 – Poging tot Moord (Munisipale Polisieman)
- (c) Orlando MR 839/12/88 – 5x Moord (5 persone)

3. **BESLISSING**

Sekerheid moet verkry word dat **ISAAC MOKGORO** nie amnestie of vrywaring ontvang het nie. Indien nie, moet vasgestel word of getuies nog beskikbaar is, waarna pogings aangewend moet word om **MOKGORO** op te spoor.

Hierdie saak hou waarskynlik verband met verskeie ondersoeke waarby die Winnie Mandela Sokkerklub na bewering by betrokke is.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A42
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

18 Augustus 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen

1. SELLO SIMON MNISI
2. JOHANNES MNISI
3. 'N ONBEKENDE PERSOON

Saakdossier : Swartruggens MR 33/3/85

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 1985/03/13 om ongeveer 15:20 het drie gewapende aanvallers 'n plaaswinkel te Kafferskraal, Swartruggens met AK 47 gewere aangeval. Die aanvallers het verby verskeie persone gestap wat by die winkel was en het toe AK 47 gewere uit 'n sak gehaal, waarmee hulle mnr en mev **JOUBERT** wat in die winkel was, doodgeskiet het. Die aanvallers het toe die winkel aan die brand gesteek, vermoedelik deur van 'n ploftoestel gebruik te maak. Die inhoud van die winkel en die lyke het verbrand.

Die aanvallers het daarop na die woonhuis gegaan, het onderweg daarheen op die honed geskiet, en het die huis geplunder. Hulle het met mnr **JOUBERT** se bakkie van die toneel gevlug. Die bakkie is later naby Botswana grens verlate gevind.

Getuies (A9 – A12) wat die aanvallers gesien en met hulle gepraat het toe hulle in die rigting van die winkel gestap het, ken twee van hulle op foto's in 'n foto album uit as **SELLO SIMON MNISI** en **JOHANNES MNISI**.

Die uitkenning van die verdagtes voldoen nie aan die vereistes wat gestel word om getuieniswaarde daaraan te heg nie. Die foto album waarvan gebruik gemaak is, is nie beskikbaar nie en die uitkenning word nie in die ondersoekdagboek gestaaf nie en daar is geen verklaring deur die ondersoekbeampte oor die uitkenning nie (Maj **PELSER** is reeds oorlede).

2. **BESLISSING**

Volgens inskrywing in die ondersoekdagboek is geregtelike doodsondersoeke afsonderlik hanteer en reeds afgehandel.

Geen verdere ondersoek is nodig nie.

Tot tyd en wyl nuwe inligting na vore kom, word die saak as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A43
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

13 Augustus 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : GEWAPENDE AANVAL : KING WILLIAM'S TOWN GOLF
KLUB : 28 NOVEMBER 1992**

Saakdossier : King William's Town MR 397/11/92

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 28 November 1992 om 22:00 is 'n gewapende aanval met handgranate, AK 47, R4 en R5 ligte outomatiese gewere op gaste in die kroeg sowel as die eetkamer van die King Williams' Town Golf Club gedoen.

Tydens die aanval was ongeveer sestig lede van die King William's Town Wine Circle in die eetkamer besig met hul Kersfeesete funksie, terwyl ander gaste in die kroeg besig was.

In die eetsaak is vier persone deur handgranaatskrapnel gedood terwyl vyf-entwintig beseer is.

2. ARRESTASIES

Drie lede van die AZANIAN PEOPLE'S LIBERATION ARMY (APLA) die militêre vleuel van die PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC) is gearresteer en het op aanklagte van Moord en Poging tot Moord in die hof verskyn. Een van die beskuldigdes is intussen in 'n motorongeluk dood.

Die saak is laas op versoek van die verdediging tot 1997/02/13 uitgestel omrede die beskuldigdes om amnestie aansoek gedoen het. Dit is onduidelik wat daarna van die hof verrigtinge geword het. Adv **NICO HENNING** van die DOV Oos-Kaap het laas die saak hanteer.

3. **AMNESTIE**

Op 21 Mei 2001 is amnestie op al die aanklagte wat met die aanval verband hou aan die volgende APLA lede toegestaan :

- (i) **THEMBELANI TANDEKILE XUNDU** (AM3840/96)
- (ii) **MALUSI MORRISON** (AM5953/97)
- (iii) **LUNGIS'UMZIWONKE NTINTILI** (AM6539/97)
- (iv) **TOBELA MLAMBISA** (AM7596/97)

4. **BESLISSING**

Alle betrokkenes het amnestie verkry. Geen uitstaande verdagtes is bekend nie.

Geregtelike nadoodsondersoeke ten opsigte van die volgende persone word voorberei en moet gehou word:

- (i) **GILLIAN DAVIS** (Dr 823/92)
- (ii) **RHODA MACDONALD** (Dr 824/92)
- (iii) **DAVID ANDRE THERESA DAVIS** (Dr 825/92)
- (iv) **IAN WHEELWRIGHT MACDONALD** (Dr 827/92)



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

- | | | |
|-------|----------------------------------|-------------|
| (i) | NKOPANE DIAHO-MONEHANG | (AM3828/96) |
| (ii) | VUYISILE BRIAN MADASI | (AM6077/97) |
| (iii) | LUNGISA MZIWONKE NTINTILI | (AM6539/97) |
| (iv) | ZUKO CAMAGU | (AM5962/97) |

Amnestie is vir die volgende oortredings toegestaan:

- (a) Moord op **JOHANNES FREDERICK JERLING**.
- (b) Poging tot moord op gaste in die kroeg.
- (c) Kwaadwillige saakbeskadiging.
- (d) Onwettige besit van vuurwapens en ammunisie.
- (e) Diefstal en Roof van drie voertuie.
- (f) Sameswering om Yellowwood Hotel aan te val (**CAMAGU AM5932/97**)

Tydens die amnestie verhoor het ene **THEMBINKOSI DIESEL SIYONI (AM5933/97)** sy aansoek om amnestie teruggetrek omdat hy nie aan enige van bogenoemde misdrywe deelgeneem het nie.

3. **BESLISSING**

Alle betrokkenes het amnestie verkry. Geen uitstaande verdagtes is bekend nie.

Geregtelike nadoodsondersoeke ten opsigte van **J F JERLING** word voorberei en moet gehou word:



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

/tp

Verw : A44
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

13 Augustus 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : GEWAPENDE AANVAL : YELLOWWOOD HOTEL, FORT
BEAUFORT : 20 MAART 1993**

Saakdossier : Fort Beaufort MR 156/03/1993

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

Op 20 Maart 1993 om 20:50 is 'n gewapende aanval met R4 en R5 ligte outomatiese gewere op gaste in die kroeggedeelte van die Yellowwood Hotel te Kroomy, Fort Beaufort gedoen.

Tydens die aanval was daar vyf (wit) mans in die kroeg.

Meneer **JOHANNES FREDERICK JERLING** wat by die kroegtoonbank gesit het, is in die aanval doodgeskiet.

Die aanvallers is nie in hierdie saak aangekla nie.

2. AMNESTIE

Op 7 Desember 2000 is amnestie aan die volgende lede van die Azanian People's Liberation Army (APLA), die militêre vleuel van die Pan Africanist Congress (PAC) toegestaan:

er/mafa

Verw: A47
Navraag: Adv A R Ackermann SC
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

4 September 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP: DIE STAAT teen

1. **MICHAEL NDLOVU**
2. **WILLIAM MAFA**
3. **BEN BANI**

Saakdossier: Diepkloof MR 228/8/89 - Moord en ontsnapping

1. KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1989/08/19 is twee Munisipale Polisiebeamptes, Konstabel **M MAYEMBELA** en Konstabel **B XULU**, by Diepkloof Kliniek aangeval, geskiet en van hulle dienspistole beroof. Konstabel **MAYEMBELA** is gedood terwyl Konstabel **XULU** ernstige skietwonde opgedoen het.

Tydens die ondersoek is twee persone vir die misdaad gearresteer en aangekla. Hulle is **MICHAEL NDLOVU** en **WILLIAM MAFA**. Beide van hulle het bekentnisse afgelê en word ook deur ander getuïenis met die aanval verbind. Hulle is weens moord, poging tot moord en roof met verswarende omstandighede aangekla.

MICHAEL NDLOVU het egter op 1990/06/04 ontsnap. 'n Lasbrief vir sy arrestasie is uitgereik.

Die verhoor van **MAFA** is gestaak toe hy om vrywaring aansoek gedoen het. Vrywaring op hierdie aanklagte is aan hom verleen.

'n Derde verdagte **BEN BANI** word deur **NDLOVU** in sy bekentenis by die misdaad betrek. **BEN BANI** is moontlik 'n skuilnaam en 'n *prima facie* saak kan nie teen hom bewys word nie.

'n Geregtelike Doodsondersoek is op 1994/10/06 gehou waartydens bevind is bovermelde persone vir die oorledene se dood verantwoordelik gehou kan word.

2. VRYWARING/AMNESTIE

Vrywaring teen vervolging op hierdie aanklagte is op 29 September 1994 aan **WILLIAM MAFA** verleen. (SK 16072 ged 3 November 1994).

'n Persoon met die naam van **MICHAEL NDLOVU** het om amnestie aansoek gedoen, waarvan die uitslag onbekend is. AM3135/96 ged. 1996/08/18 het betrekking.

3. BESKIKKING

Verdere navorsing is nodig om te bepaal of **MICHAEL NDLOVU** vrywaring of amnestie verkry het.

'n Lasbrief vir **NDLOVU** is steeds uitstaande en indien hy steeds vervolgbaar is al 'n *prima facie* saak teen hom bewys kan word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/ottoshoop

Verw: A48
Navraag: Adv A R Ackermann SC
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

5 September 2003

MEMORANDUM

DIE STAAT TEEN:

1. **Gideon Ngomane**
2. **Velaphi Sazi Flavious Msane**

Saakdossier: Ottoshoop MR 6/5/89

1. KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1989/5/03 om 03:20 het daar 'n mortier aanval op die SA Weermag radarstasie, Klippan plaasgevind. 'n Mortier het 'n wooneenheid getref en het skade aan die gebou en 'n voertuig aangerig. Niemand is beseer nie.

'n SA Polisie Casspir waarmee SA Polisie lede na die radarstasie gery het om hulp te gaan verleen, het 'n landmyn wat op die pad na die radarstasie gestel was, afgetrap. Die Casspir is beskadig dog die insittendes is nie beseer nie

Die aanvallers het na die aanval per voertuig gevlug. Een van hulle voertuie is verlate lang die pad gevind met 'n gebreekte as. 'n Groot aantal terroriste wapentuig waaronder 'n RPG vuurpyllanseerder, projektiële, handgranate, AK 47 ammunisie ens is by die voertuig gevind. Een van die aanvallers, Gideon Ngomane, wat beseer was toe die beskadigde voertuig van die pad geloop het, is gearresteer. Hy was 'n passasier agterop die voertuig gewees toe hulle

van die toneel an Botswana wou gevlug het. Hy het later uitwysings gedoen en het 'n bekentenis voor 'n landdros afgelê. Volgens hom was hulle 'n groep van 21 ANC - MK lede gewees wat deur ANC leiers gestuur was om 'n aanval op die radarstasie te loods. Hulle is van ANC wapentuig, waaronder 3 RPG 7 vuurpyl lanseerders projektele, AK 47 gewere, landmyne en hangranate voorsien en het van 3 voertuie gebruik gemaak. Hulle het onwettig die grens van Botswana na die RSA oorgesteek, deur die grensdraad te knip. Hulle het eers landmyne op die pad na die radarstasie gestel en het toe die aanval met mortiere op die radarstasie geloods. Hulle het na die aanval met die voertuie terug vertrek na Botswana. Hy was 'n passasier op die agterste voertuig waarop daar ook wapentuig was. Die voertuig het van die pad geloop en die drie van hulle wat agterop was is van die voertuig geslinger. Hy het sy voet beseer en kan na 'n ent se stap nie verder vlug nie. Die ander 4 persone wat ook met die voertuig gereis het, het hom agter gelaat en het te voet gevlug. Hy meld slegs dat die bevelvoerder as Abe (MK naam) bekend is. Ngomane was weens die aanval vervolgd en is op 1990/07/12 tot 11 jaar effektiewe gevangenisstraf gevonniss.

So vêr vasgestel kan word het slegs een van die aanvalsgroep nl. V S F Mssane vir die aanval om amnestie aansoek gedoen wat op 29 Maart 2001 aan hom verleen is. Die ANC het tydens hulle voorlegging aan die WVK amptelik aanspreeklikheid vir die aanval aanvaar. Tydens die polisie ondersoek kon die ander betrokkenes by die aanval nie geïdentifiseer word nie.

2. BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Tot tyd en wyl verdere inligting bekend raak word die saak as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/benoni

Verw: A49
Navraag: Adv A R Ackermann SC
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

4 September 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP:

Saakdossier: Benoni MR 532/9/88 - Motorbomontploffing

1. KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

'n Motorbom het op 1988/09/19 om 03:26 in die parkeerterrein van die Athol Brook Woonstelle, Kimbolstraat, Benoni ontplof. Van die inwoners van die woonstelle het skok en geringe beserings opgedoen, hoofsaaklik weens ruite wat gebreek het. Groot skade is egter aan voertuie, geboue en eiendom aangerig.

Die woonstelle is naby Benoni polisiestasie en is skuins oorkant die brandweerstasie geleë.

Tydens die polisieondersoek kon die persone wat vir die ontploffing verantwoordelik was nie opgespoor of positief geïdentifiseer word nie. Omstandighede het deurgaans geen twyfel gelaat dat ANC lede, met die ondersteuning van ANC leiers in die buiteland, vir die ontploffing verantwoordelik was nie.

Aanduidings en *modus operandi* dui daarop dat hierdie ontploffing verband hou met 'n soortgelyke ontploffing wat op 1988/10/24 in Witbank plaasgevind het waartydens 3 persone gedood en 48 beseer is. (Witbank MR 601/10/88 verwys. Die saakdossier kon nog nie opgespoor word nie).

Die ANC het tydens hulle voorlegging aan die WVK vir beide ontploffing (Benoni en Witbank) onder andere aanspreeklikheid aanvaar. Sover vasgestel kan word het ANC lede egter slegs vir die Witbank ontploffing amnestie gevra en ontvang. (**P M NYALUNGA** en **J I DUBE** - saak AC 2000/055).

In die Witbank bomondersoek was daar 10 verdagtes geïdentifiseer, waarvan 2 klaarblyklik amnestie ontvang het. 3 Verdagtes was gearrester en 1 is doodgeskiet tydens 'n polisieoptrede. Daar word soms na verdagtes se MK name verwys wat navorsing bemoeilik.

2. **BESLISSING**

Verdere navorsing is nodig om te bepaal of enige amnestie spesifiek of in die algemeen op hierdie ontploffing betrekking het. Verdere ondersoek is nodig.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/mamba

Verw: A50
Navraag: Adv A R Ackermann SC
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

4 September 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP: DIE STAAT teen
ALLEN NDODOMZI MAMBA
Saakdossier: Wynberg MR 107/6/88 - Terrorisme**

1. KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1988/06/16 het 'n handgranaat in die hand van 'n ANC lid, **MPHATHI KETELO**, ontplof, wat hom gedood het. Nog wapentuig, waaronder 'n geaktiveerde kleefmyn is op die toneel gevind.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat die oorledene, saam met **ALLEN N MAMBA**, met die stel van ploftoestelle besig was toe die handgranaat voortydig ontplof het.

ALLEN MAMBA is op 1989/05/11 weens moord en terrorisme skuldig bevind en is tot 18 jaar effektiewe gevangenisstraf gevonniss. (Guguletu MR 22/7/88 het ook betrekking, wat nie beskikbaar is nie).

JEFFREY T BENZIEN het egter later erken dat hy via **ALLEN MAMBA** tydens sy aanhouding ernstig aangerand het. Hy het op 17 Februarie 1999 vir die aanranding amnestie ontvang. (SK 20664 gedateer 26 November 1999).

2. BESKIKKING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A54
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : ONDERSOEK teen
1. **STEVEN MKULISI @ STEVEN XULU**
2. **MOSES MKIZE**
3. **SAKHILE TIMOTHY NZAMA @ SIPHO MTHEMBU**
Saakdossier: Umbumbulu MR 35/4/87 - Moord

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1987-04-12 was twee lede van die SA Polisie Veiligheidstak, Port Natal nl. A/o **B LEMBEDE** en A/o **V I MYEZA** in die Nkomyisweni Reserwaat, Umbumbulu distrik, met ondersoek besig gewees. Hulle het ANC bedrywighede by die kraal van Pikanini Maphumulo ondersoek waar hulle in die omgewing navrae en observasie gedoen het.

Met hulle terugkeer het hulle met 'n voetpad deur bosse gestap. 'n Man met 'n AK47 geweer het skielik uit die bosse gespring en het op hulle begin skiet. Die aanvallers was baie naby aan hulle gewees. **LEMBEDE** is dadelik getref, het geval en het beswyk. **MYEZA** het gevlug en het die vuur op hom beantwoord deur met sy dienspistool op die aanvallers te skiet. Nog twee persone het by die aanvallers aangesluit. **MYEZA** is in die been gewond waarna die aanvallers gevlug het.

Tydens die ondersoek is daarin geslaag om die drie aanvallers, wat ANC lede is, te identifiseer en om voldoende getuienis teen hulle in te win.

Hulle is:

1. **STEVEN MKULISI** ook bekend as **STEVEN XULU** (Hy het die AK47 gehad en het die skietwerk gedoen)
2. **MOSES MKIZE**
3. **SAKHILE TIMOTHY NZAMA**, ook bekend as **SIPHO MTHEMBU** (oorlede)

Eersgenoemde 2, **MKULISI** en **MKIZE** het na die buiteland gevlug en dit is onbekend waar hulle hulle tans bevind.

NZAMA, sowel as 'n hulpverlener wat na die aanval skuiling aan die aanvallers verskaf het nl. **VUSIMUSI A MUTHWA**, was gearresteer. **NZAMA** het sy samewerking verleen deur 'n bekentenis af te lê, inligting te verskaf en uitwysings te doen. Hy was egter ernstig siek aan kanker gewees. die Prokureur-Generaal, Pietermaritzburg het op 1987/08/31 geweier om die twee verdagtes te vervolg totdat die ander verdagtes opgespoor word (Sien A25). **NZAMA** is toe ook op 1987/11/12 aan kanker oorlede.

Die verdagte **PIKANINI MAPHUMULO**, na wie die slagoffers gaan soek het toe hulle aangeval is, was op 1991/04/26 gearresteer toe hy na die RSA teruggekeer het. Hy is egter vrygelaat omdat daar geen getuienis teen hom was om hom te vervolg nie (Sien A31).

Die ANC het tydens hulle voorlegging aan die WVK aanspreeklikheid vir hierdie aanval aanvaar "15/4/87 SAP personnel: Umbumbulu. SB officer killed by snyder, another SB injured".

AMNESTIE / VRYWARING

Geen amnestie of vrywaring wat op hierdie saak betrekking het kon gevind word nie.

BESLISSING

Ondersoek na die uitstaande verdagtes moet voortgaan.

Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat **NZAMA** die hoofbron was van wie 'n bekentenis, inligting, getuienis en uitwysings bekom is en dat hy oorlede is. Daar bestaan egter nog voldoende getuienis om met die ondersoek na die uitstaande verdagtes voort te gaan.

Indien die verdagtes steeds nie opgespoor kan word nie sal 'n geregtelike doodsondersoek gehou moet word aangesien dit klaarblyklik nog nie gehou is nie.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/55

Verw: A55
 Navraag Adv A R Ackdermann S C
 Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **Saakdossiere:**

1. **Messina MR 18/5/87 - Landmynontploffing**
2. **Messina MR 22/5/87 - Landmyn gestel**
3. **Alldays MR 5/5/87 - Landmyn gestel**

KORT BESKRYWING VAN DIE MISDADE

Op 1987/05/04 het 'n privaat vragmotor, wat werkers vervoer het, 'n landmyn op die plaas Altyddroog naby Beitbrug in Messina distrik afgetrap. In die ontploffing is die bestuurder van die vragmotor gedood terwyl die nege passasiers op die vragmotor beseer is. Een passasier is as gevolg van die ontploffing blind en 'n ander een gedeeltelik blind. Naby die plek waar die ontploffing plaasgevind het is daar twee gestelde anti-personeelmyne gevind, wat onskadelik gestel is (Messina MR 18/5/87).


Op 1987/05/05 is 'n gestelde landmyn, met 'n gestelde anti-personeelmyne naby die landmyn, op die Weipe grondpad opgespoor en onskadelik gestel. By die landmyn was daar ook 'n Demolisie Lading SZ3 (3 kg militêre springstof) wat 'n dubbele sterkte ontploffing sou veroorsaak (Messina MR 22/5/87).

Op 1987/05/05 is 'n gestelde landmyn, ook met 'n Demolisie Lading daarby, op die plaas Samaria in die Alldays distrik, opgespoor en onskadelik gestel. 'n Weermaglid het 'n anti-personeelmyne wat naby die landmyn gestel was afgetrap en is ernstig beseer in die ontploffing. Sy regterbeen moes geamputeer word (Alldays MR 5/5/87).

Die ANC het in hulle voorlegging aan die WVK erken dat hulle vir die landmynaanslag, wat veral op die grensgebiede toegespits was, verantwoordelik was. Amnestie is ook aan verskeie ANC lede verleen vir landmynvoorvalle waarby hulle betrokke was. Geen amnestie wat spesifiek op hierdie voorval betrekking het, kan egter gevind word nie.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou totdat verdere inligting bekend raak.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/56

Verw: A56
 Navraag Adv A R Ackdermann S C
 Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: Maroka MR 579/12/82

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

'n Opspraakwekkende moord het op 1982/12/16 om 20:30 plaasgevind toe **BARHLOMEW H LAPANE** en sy vrou **MATILDA H LAPANE** in hulle woning te 3037 Rockville, Soweto deur 'n aanvaller met 'n AK47 geweer doodgeskiet is. Hulle 14 jarige dogter **BRENDA H LAPANE** is in die nek gewond en is tans 'n parapleeg.

BARHLOMEW H LAPANE was 'n lid van die ANC se Uitvoerende Komitee (NEC) asook 'n lid van die SAKP se hoogste gesagsliggaam, die Sentrale Komitee, gewees. Na die Rivonia klopjagte was hy aangehou en het die berugste polisie-kollaborateur geword. Hy het in verskeie ANC terroriste verhore vir die Staat getuig. Hy was ook 'n sleutelgetuie wat gedurende 1981 voor die Amerikaanse Senaat se Denron-Komitee getuig het wat ondersoek ingestel het na die invloed van Kommunistiese ondermyning in die SA bevrydingsstryd.

Tydens die polisieondersoek was die name van verskeie verdagtes verstrek deur gearresterde ANC lede en informante van persone wat hulle van die moorde verdink. Geen getuienis kon enige verdagte egter met die moorde verbind nie.

Kort voor die dood van meneer **JOE SLOVO** het hy in sy boek "The Unfinished Autobiography" erken hy dat **H LAPANE** deur 'n eenheid van Umkhonto we Sizwe (MK) tereggestel is vir sy verraad.

Ook in die ANC se voorlegging aan die WVK, Aangangsel 4 "**List of MK OPERATIONS: DATE: TARGET CATEGORY**" word die moord erken "December 1982 Personnel actively assisting SAP" B Hlapane"

Uit navorsing blyk dit dat geen amnestie aansoek op hierdie moorde betrekking het nie.

BESLISSING

Die erkenning van ANC aanspreeklikheid vir die moorde deur meneer **JOE SLOVO** (oorlede) en die ANC aan die WVK, het geen getuienis waarde nie.

Geregtelike doodsondersoek is reeds afgehandel waartydens bevind is dat 'n onbekende persoon of persone vir die moorde verantwoordelik is.

Die saak word as afgehandel beskou totdat verdere inligting ingewin word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/57

Verw: A57
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **ONDERSOEK teen:**
SIPHINIE NYANDA (GEBUZA)
Saakdossier: Silverton MR445/1/80

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1980/01/25 het drie swaar gewapende ANC - MK lede die Volkskasbank in Silverton aangeval. Hulle het bankpersoneel en persone in die bank as gyselaars aangehou en het politieke eise gestel, waaronder die ontbanning van die ANC en die vrylating van Mandela.

Onderhandelinge met die aanvallers was onsuksesvol en 'n oor en weer skietery tussen die aanvallers en die polisie het plaasgevind, toe die polisie tot optrede oorgegaan het. As gevolg van die skietery en 'n handgranaat wat ontplof het, is die drie aanvallers en twee gyselaars gedood terwyl 19 persone gewond is.

Tydens die ondersoek het dit aan die lig gekom dat die aanvallers wat gedood is deel was van 'n groot groep ANC - MK lede wat die RSA in opdrag van ANC leiers in die buiteland geïnfiltreer het. Nege (9) lede van die groep is gearresteer en is weens 'n aanklag van hoogverraad en verbandhoudende aanklagte aangekla.

Uit hulle ondervraging het dit geblyk dat hulle opgeleide MK lede was wat onder die direkte bevel van **GEBUZA (SIPHIWE NYANDA)** was. Hulle het veilige basisse (ondergronds) uitgewys en beslag is gelê op 'n groot hoeveelheid terroriste wapentuig, dokumente en nota's.

Uit die bewysstukke en inligting bekom het dit onteenseglik geblyk dat die groep spesifieke militêre opleiding, wapens en opdragte gehad het om terreurdade in die RSA

te pleeg as deel van die ANC se strategie om die eertydse Nasionale Party Regering omver te werp.

Daar is bewys dat die groep die betrokke aanval na hulle infiltrasie in die RSA deeglik beplan en bespreek het. Dit het ook die verkenning en observasie van die teiken ingesluit.

Tydens die verhoor is drie van die beskuldigdes ter dood veroordeel, wat later tydens appèl na lewenslange gevangenisstraf gewysig is. Aan die ander beskuldigdes is gevangenisstraf van 10 en 20 jaar opgelê.

Die ANC leiers, insluitende **GEBUZA (SIPHIWE NYANDA)** was tydens die misdaad in die buiteland en die moontlikheid was derhalwe toe uitgesluit om hulle te vervolg.

Dit kan egter nie bewys word dat die aanval op Volskasbank 'n ANC opdrag was nie en ook nie dat dit gedurende daardie tydperk 'n aanvaarbare teiken van die ANC was nie. Daar is ook geen getuienis dat **GEBUZA (SIBHIWE NYANDA)** opdrag vir die aanval gegee het of vooraf daarvan kennis gedra het nie.

AMNESTIE / VRYWARING

Geen amnestie of vrywaring wat spesifiek op hierdie saak betrekking het kan gevind word nie.

BESLISSING

Die saak is reeds in die hof afgehandel. Daar bestaan geen getuienis om enige ander persoon, insluitende **SIPHIWE NYANDA (GEBUZA)** en ANC leiers, weens hierdie misdaad te vervolg nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/58

Verw: A58
 Navraag Adv A R Ackdermann S C
 Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **DIE STAAT teen:**
 1. **ABOObAKER ISMAIL (AM7109/97)**
 2. **ROBERT JOHN MCBRIDE (AM7032/97)**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

1.1 TERRORISME: MOBIL RAFFINADERY, WENTWORTH, DURBAN: WENTWORTH MR 230/05/1984

Gedurende die nag van 13-14 Mei 1984 is 'n aanval met RPG 7 vuurpyle op die Mobil Raffinadery, Wentworth, Durban geloods. Die aanval is deur 4 lede van "Special Operations Unit" (SOU) van die African National Congress (ANC) uitgevoer.

In die aanval en ontvlugtingsproses is al vier aanvallers doodgeskiet.

ABOObAKER ISMAIL het as bevelvoerder van SOU en as opdraggewer van die groep amnestie ontvang.

1.2 MOORD: TERRORISME: ELEKTRIESE SUBKRAGSTASIE: JACOBS, DURBAN: WENTWORTH MR 53/01/1986

Gedurende die nag van 9 Januarie 1986 is twee kleefmyne by die elektriese subkragstasie Jacobs, geplaas. 'n Tydvertraging van 20 minute is tussen die 1ste en die 2de ontploffing geplaas. Die eerste ontploffing het skade aan die elektriese toerusting veroorsaak terwyl die 2de ontploffing skade sowel as die dood van 1 persoon (**LT KOL WELMAN**) van die Veiligheidstak, Durban veroorsaak het. Twee

lede van die Veiligheistak, Durban en twee werkers van EVKOM is ook ernstig beseer.

GORDON CHRISTOPHER WEBSTER is op hierdie aanklag skuldig bevind en tot 16 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Die volgende lede van SOU van die ANC het vir hierdie ontploffings amnestie ontvang:

- (a) **ABOObAKER ISMAIL** as opdraggewer
- (b) **ROBERT JOHN MCBRIDE** as medepligtige.

1.3 **TERRORISME: ELEKTRIESE SUBKRAGSTASIE HUNTLEY HILL, WESTVILLE, DURBAN: WESTVILLE MR 85/01/1986**

Op 18 Januarie 1986 is Huntley Hill elektriese substasie deur twee kleefmynontploffings beskadig. Niemand is gedood of beseer nie.

GORDON CHRISTOPHER WEBSTER is vir hierdie ontploffings skuldig bevind en tot 10 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Die volgende lede van SOU van die ANC het vir hierdie ontploffings amnestie ontvang.

- (a) **ABOObAKER ISMAIL** as opdraggewer
- (b) **ROBERT JOHN MCBRIDE** as uitvoerder

1.4 **TERRORISME EN POGING TOT MOORD: ELEKTRIESE HOOGSPANNINGSTORING, CARRINGTON HEIGHTS, DURBAN: UBILO MR 189/01/1986**

Op 20 Januarie 1986 is 'n kleefmyn, deur **ROBERT MCBRIDE** en **GORDON WEBSTER** teen elkeen van die vier bene van die hoogspanningstoring te Carrington Heights geplaas om gelyktydig te ontplof. 'n Verdere kleefmyn is met 'n tydsvertraging gestel om te ontplof wanneer lede van die SA Polisie op die toneel is.

Die ontploffings het skade aan die hoogspanningstoring veroorsaak maar niemand is gedood of beseer nie.

GORDON CHRISTOPHER WEBSTER is vir hierdie ontploffings skuldig bevind en tot 9 jaar gevangenisstraf gevonniss.

Die volgende lede van SOU van die ANC het vir hierdie ontploffings amnestie ontvang:

- (a) **ABOBAKER ISMAIL** as opdraggewer
 (b) **ROBERT JOHN MCBRIDE** as uitvoerder

1.5 **TERRORISME: WATERTOEVOPYPLEIDING TUSSEN
 PIETERMARITZBURG EN DURBAN: CAMPERDOWN MR 74/01/1986**

Op 19 Januarie 1986 is die watertoevoerpypleiding tussen Pietermaritzburg en Durban met 'n kleefmyn beskadig. Niemand is gedood of beseer nie.

Die volgende lede van SOU van die ANC het vir die ontploffing amnestie ontvang:

- (1) **ABOBAKER ISMAIL** as opdraggewer
 (2) **ROBERT JOHN MCBRIDE** as uitvoerder

1.6 **TERRORISME: ELEKTRIESE SUBKRASTASIE: CHAMBERLAINWEG,
 JACOBS, DURBAN: WENTWORTH MR 137/03/1986**

Op 21 Maart 1986 is die elektriese substasie te Jacobs, Durban deur vier landmynontploffings beskadig. Niemand is gedood of beseer nie.

ROBERT JOHN MCBRIDE en **GORDON CHRISTOPHER WEBSTER** is op hierdie saak aangekla en skuldig bevind. (**MCBRIDE** 5 jaar en **WEBSTER** 11 jaar gevangenisstraf).

2. **OPMERKINGS**

Die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC het gedurende 1979 goedkeuring verleen tot die stigting van SOU.

Dit was 'n militêre eenheid wat gespesialiseerd was om meer vertroulike opdragte uit te voer.

Bevelvoerders van SOU het aanvanklik direk aan die president van die ANC meneer O Tambo verslag gedoen en later aan die ANC Hoofkantoor. Tydens die pleeg van hierdie daad was **ABOBAKER ISMAIL** die buitelandse bevelvoerder van die eenheid.

Een van die SOU groepe in Natal was aanvanklik onder die bevel van **GORDON WEBSTER**. Hy het vir **ROBERT MCBRIDE** gewerf, wie later die bevelvoerder van sy eie groep geword het en direk met **ISMAIL** gekommunikeer het.

3. **AMNESTIE**

- 3.1 Op 19 April 2001 het die amnestie komitee aan die volgende persone amnestie verleen:


- (a) **ABOBAKER ISMAIL**
- (b) **ROBERT JOHN MCBRID**

3.2 **GORDON WEBSTER** is op al hierdie sake skuldig bevind en gevonnis. Geen rekord kan gevind word dat hy vir amnestie aansoek gedoen het nie.

4. **AANBEVELING**

Volgens beskikbare dossiere is daar geen uitstaande verdagtes nie. Dit word aanbeveel dat hierdie sake volgens voorskrifte afgesluit word.

Die aangeleentheid word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/59

Verw: A59
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: ALEXANDRA MR 219/2/94

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Gedurende die aand van 1994/02/18 het 'n ANC Straatkomiteevergadering op die hoek van 17de Laan en Londonstraat, Alexandra, Johannesburg plaasgevind

Vier onbekende mans het daar opgedaag en het met 9mm en 7.65mm wapens op die mense by die vergadering, persone in die omtrek en op voertuie in die omgewing begin skiet. 'n Bestuurder van 'n voertuig Karee Michael Dhlamini (70 jaar oud) is gedood en 8 ander persone is tydens die aanval gewond.

Die aanvallers het daarna na 8ste Laan, Alexandra gegaan waar hulle ook op persone in die straat geskiet het.

Dit blyk dat gebied deur die ANC toegeëien was en dat politiek verwante wraak en weerwraak aanvalle hoofsaaklik tussen ANC en IVP ondersteuners voorgekom het.

Die polisieondersoek was onsuksesvol en geen verdagtes kon geïdentifiseer word nie.

Geen amnestie aansoek of vrywaring wat verleen is kan met die aanklagte in verband gebring word nie.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is tans nodig nie. 'n Geregtelike doodsondersoek was klaarblyklik gehou dog die uitslag is nog uitstaande. Die ondersoek word as afgehandel beskou totdat verdere inligting bekend word.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/60

Verw: A60
 Navraag Adv A R Ackdermann S C
 Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **DIE STAAT teen:**

1. **RONALD KASRILS**
2. **DAMIAN MICHAEL DE LANGE**
3. **IAN HUGH ROBERTSON**
4. **SUSAN CATHARINE DE LANGE**
5. **HUGH MURDOCK LUGG**

Saakdossier: Brits MR 183/7/88

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Die saak het op 'n ANC - MK eenheid, bekend as die "Broederstroom Unit" wat gedurende 1986 tot 1988 operasioneel was, betrekking.

Die eenheid was van plofstof en wapentuig voorsien om terreurdade te pleeg op spesifieke teikens wat hulle moes identifiseer en gaan verken. Die eenheid was sodoende ook betrokke by 'n aanval op 'n kommunikasietoring by Linksfield, Johannesburg, gedurende November 1987 en 'n aanval op 'n SA Lugmagbus op 1988/03/01, wat naby Benoni plaasgevind het.

Eersgenoemde, **RONALD KASRILS**, was gedurende daardie tyd deel van die ANC leierskap in die buiteland sowel as by die ANC se militêre vleuel (MK), waar hy opdragte gegee en beheer geneem het van operasionele eenhede wat die RSA geïnfiltreer het.

In opdrag van **KASRILS** het laasgenoemde 4 persone Damian de Lange, Robertson, Susan de Lange en Lugg geïnfiltreer het en het die "Broederstroom Unit" tot stand gebring, vanwaar hulle aanvalle beplan en uitgevoer het. Hulle is gedurende Julie 1988 gearresteer en was weens terrorisme vervolgt. **LUGG** het as Staatsgetuie vrywaring te vervolging ontvang, terwyl die ander drie, **DAMIAN DE LANGE**, **ROBERTSON** en


SUSAN DE LANGE, lang gevangenisstrawwe opgelê is. Hulle is egter gedurende 1990 vrygelaat tydens die politieke onderhandelingsproses wat plaasgevind het.

KASRILS was destyds in die buiteland en kon nie krimineel vervolgd word nie.

Vermeldes 1 tot 4 het om amnestie aansoek gedoen wat op 13 September 2000 aan hulle toegestaan is.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A61
Navraag Adv A R Ackermann S C
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

**ONDERWERP : DIE STAAT teen:
RONALD DESMOND BEZUIDENHOUT
Saakdossier: Louis le Grangeplein MR 422/4/89**

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Bovermelde, R D Bezuidenhout, het die RSA gedurende Maart 198 onwettig verlaat en het by die ANC aangesluit. Hy is militêr opgelei, het verskeie dienste verrig en was getaak om die RSA te infiltrer. Hy was gedurende April 1989 gearresteer en het sy samewerking verleen. Weens die inligting wat hy aan die Veiligheidstak verstrek het, is hy nooit aangekla nie, ongeag 'n bekentenis wat hy afgelê het en uitwysings wat hy gedoen het.

AMNESTIE / VRYWARING

Geen

BESLISSING

BEZUIDENHOUT se betrokkenheid by die ANC kan hoogstens beskou word dat hy die ANC doelstellings bevorder het en die RSA onwettig verlaat het. Kwytstelling van hierdie aanklagte is aan ANC lede verleen. Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/62

Verw: A62
Navraag Adv A R Ackermann S C
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: Ellisras MR 5/1/86

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1986/01/04 het 'n landmyn onder 'n privaat bakkie ontplof wat in 'n wildkamp op 'n plaas te Stockpoort, Ellisras gery het.

Meneer De Beer en sy skoondogter is in die ontploffing dood terwyl sy seun en 'n vriend, **DANIE VENTER** beseer is.

Nog 'n landmyn is op 'n plaaspad in die weikamp gevind wat onskadelik gestel is.

Die polisieondersoek het aan die lig gebring dat die persone wat die landmyne gestel het na Botswana gevlug het. Die daade kan ook sonder twyfel met die ANC aanslag verbind word. Geen persoon kon egter met die pleeg van die misdaad verbind word nie.

AMNESTIE / VRYWARING

Hoewel verskeie ANC lede aanspreeklikheid vir die stel van landmyne naby die RSA grens aanvaar en amnestie daarvoor ontvang het, word daar nie regstreeks na hierdie voorval verwys nie.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/63

Verw: A63
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **ONDERSOEK teen**
1. **MICHAEL PATRICK BAND (OORLEDE)**
2. **ERIC MANDAL DUBE**
Saakdossier: Moroka MR 7/7/88

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1988/7/01 het bovermelde 2 ANC lede, **BANDA** en **DUBE**, na die huis van 'n polisiebeampte by Jabulani huis 28 gegaan om 'n kleefmyn aan 'n polisievoertuig te stel wat daar geparkeer was.

'n Loodstaffie was klaarblyklik nie in die tyd meganisme van die kleefmyn geplaas nie, wat veroorsaak het dat die kleefmyn in **BANDA** se hande ontplof het, net nadat hy dit geaktiveer het. (Die loodstafies is later in **BANDA** se huis gevind)

BANDA is in die ontploffing gedood terwyl **DUBE** gering beseer is, maar gevlug het. 'n Handgranaat is ook op die toneel gevind wat vernietig is.


In **BANDA** se woning is 'n ongelisensieerde 22 pistool en die kleefmyn se loodstafies gevind. **DUBE** het na die voorval, met ander wapentuig wat hy uit **BANDA** se woning verwyder het, gevlug en kon nie opgespoor word nie 'n lasbrief vir sy arrestasie is uitgereik

AMNESTIE/VRYWARING

Volgens rekords het **DUBE** nie vir amnestie of vrywaring gedoen nie

BESLISSING

Die lasbrief wat uitstaande is moet gesirkuleer word. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/64

Verw: A64
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **DIE STAAT teen:**
LINDA PRECIOUS MNTAMBO
Saakdossier: Jabulani MR 287/9/88

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1988/09/14 is daar 'n handgranaat deur die sitkamervenster van meneer **BUTHELEZI** se huis te Emdeni 1010, Soweto gegooi. Die handgranaat het ontplof en het skade aangerig en twee persone is beseer.

In 'n omvattende ondersoek was bovermelde, **L P MNTAMBO**, gearresteer en is met 'n reeks soortgelyke aanvalle verbind, wat hierdie een insluit. Hy het egter ontsnap en 'n lasbrief wat op die reeks sake betrekking het, is uitgereik.

MNTAMBO het egter op 2 Februarie 2000 amnestie vir verskeie geïdentifiseerde en ongeïdentifiseerde sake ontvang. Hoewel aanval nie direk vermeld word nie, vorm hierdie saak deel van die reeks sake waarvan, Orlando MR 135/11/88 die sleuteldossier is. (Die dossier is nie beskikbaar nie).

Op grond van die amnestie wat verleen is, is die lasbrief, waarvan afdrukke in onderskeie dossiere is, gekanselleer.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Alhoewel dit onseker is of hierdie saak spesifiek tydens die amnestieproses vermeld was, is dit 'n onlosmaaklike deel daarvan. Die saak word derhalwe as afgehandel beskou en die lasbrief (afdruk) word gekanselleer.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR



Verw: A65
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

3 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen:
1. **AGGIE SHOKE**
2. **HAROLD MATSHIDIDI**
3. **LESTER DUMAKUDE**
4. **JOHN ITUMELENG DUBE**
Saakdossier: Jeppe MR 47/7/88

KORT BESKRYWING VAN DIE MISDAAD

Op 1988/07/02 om ongeveer 17:10 het 'n kragtige motorbom by Ellispark stadium, tydens 'n rugbywedstryd plaasgevind. Die ontploffing het die dood van 2 persone tot gevolg gehad terwyl 37 persone beseer is.

Groot skade aan voertuie en eiendom is aangerig. Die slagoffers is almal burgerlikes.

Hoewel die polisieondersoek geen arrestasies opgelewer het nie, het dit onteenseglik op ANC betrokkenheid gedui, wat hulle in die buiteland bevind het.

Vier MK lede nl. **SHOKE, MATSHIDIDI, DUMAKUDE** en **DUBE** het aanspreeklikheid vir die ontploffing aanvaar en het om amnestie aansoek gedoen.

BESLISSING

Amnestie is op 9 Mei 2001 aan bovermelde persone (**SHOKE, MATSHIDIDI, DUMAKUDE** en **DUBE**) verleen. Die ondersoek teen hulle kan nie verder gevoer word nie en word as afgehandel beskou

Volgens getuienis en die Amnestiekomitee se bevinding was **DUMAKUDE** die bevelvoerder van die ANC se "Special Operations" eenheid en was **DUBE** tweede in bevel gewees. **DUMAKUDE** het deurlopend kontak met die ANC leierskap in die buiteland gehad waartydens hy op hoogte gebring is van opdragte, geïdentifiseerde teikens, ens. terwyl hy verslag gedoen het oor operasionele eenhede wat in die RSA ontplooi was. Geïdentifiseerde teikens, wat Ellispark motorbom inskiet, was met die ANC leierskap uitgeklaar en die verloop en sukses van die operasies was gerapporteer.

Die Amnestiekomitee het, in ooreenstemming met die ANC voorlegging aan die WVK, bevind dat die ANC leierskap aanspreeklikheid vir Ellispark motorbomontploffing aanvaar het.

Die ANC leierskap, wat destyds in die buiteland was, het nie amnestie ontvang nie.

'n Besluit oor hulle betrokkenheid by hierdie aanklagte, sowel as ander voorvalle, sal tegelegener tyd geneem word, nadat al die relevant partye gesprek is.

Die ondersoek na die ANC leierskap, en in besonder individue se kriminele verantwoordbaarheid vir politieke gewelddadige in die RSA, wat met die ANC se stryd om die eertydse NP Regering omver te werp, word omvattend ondersoek en sal ook op hierdie aanklagte betrekking hê.



Adv A R Askermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

The Amnesty Committee, in accordance with the ANC submission to the TRC, found that the ANC leadership had accepted responsibility for the Ellis Park car bomb explosion.

The ANC leadership, which was abroad at the time, did not receive amnesty.

A decision on their involvement in these charges, as well as other incidents, will be taken at an opportune time once all relevant parties have been consulted.

The investigation into the ANC leadership and specifically individuals criminal responsibility for political violence in the RSA, which relates to the ANC's struggle to overthrow the then National Party Government, is being thoroughly investigated and will be relevant to these charges.

er/66

Verw: A66
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: New Castle MR 314/1/85 (Terrorisme)

ONDERSOEK UITSTAANDE TEEN:

1. **MANDLA KUNENE**
 2. **MATTHEUS MAPHUMULO**
 3. **FANO MAGAGULA**
-

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Bovermeldes (1) **MANDLA KUNENE** (2) **MATTHEUS MAPHUMULO** en (3) **FANO MAGAGULA** was, na bewering ANC - MK leiers wat gedurende die tydperk waarop hierdie saak betrekking het, in Swaziland gewees het. Hulle het opdrag gegee dat 'n MK eenheid in Nongoma gevestig woes word, waar hulle plaaslike inwoners vir die ANC moes werf om hulle in die gebruik van terroriste wapentuig op te lei, ten einde die eertydse NP regering met wapengeweld omvêr te werp.

Twee opgeleide MK lede ni:

1. **THEMBA ZONDI**
2. **MPUMELELO MBATHA**

is deur Corneluis Zulu by hoofman **ZONDO** in Nongoma distrik gevestig. Zulu was die skakelpersoon tussen ANC leiers in Swaziland en die binnelandse groep gewees. Hy het ook wapens, kos en fondse aan die Nongoma-groep verskaf. Die groep het daarin geslaag om van die plaaslike bevolking te werf en om hulle in die hantering van wapentuig op te lei.

Die Veiligheidstak, Newcastle het egter inligting oor die groep se teenwoordigheid ontvang.

Op 1985/01/13 het lede van die SA Polisie, onder leiding van Lt **JHGDJ VAN VUUREN** 'n optrede gelei om die ANC groep te gaan arresteer. Tydens die optrede het daar 'n skietgeveg tussen die SAP lede en die ANC groep, wat in 'n huis geskuil het, en 'n plaaslike inwoner, **ERNEST G MAGOPHA** gedood. Twee ANC lede is ook gedood nl:

1. **THEMBA ALBERT ZONDI** (regte naam **K A KOALI**)
2. **MPUMELO MBATHA**

(GO's is afgehandel).

Die volgende persone is weens terrorisme en hulpverlening gearresteer en aangekla:

1. **CORNELUIS MZAMO ZULU** (9 jaar g/s waarvan 4 jaar g/s opgeskort is vir 5 jaar)
2. **SALUSHA MALINGA ZONDO** (6 jaar g/s waarvan 3 jaar g/s opgeskort is vir 4 jaar)
3. **KATHAZILE MAPHUMULO** (3 jaar g/s wat in geheel opgeskort is vir 3 jaar)
4. **BAFANA WILLINGTON ZONDO** (Art 204 - staatsgetuie)

CORNELUIS ZULU (beskuldigde 1), het in 'n bekentenis wat hy afgelê het (wat in die hof aanvaar is) sowel as inligting wat hy verstrekket, bogenoemdes (**KUNENE, MAPHUMULO** en **MAGAGULA**) geïdentifiseer as ANC leiers wat in Swaziland was en wat opdrag gegee het vir die vestiging van die Nongoma-groep. Hulle het ook na bewering die wapens, fondse en toerusting aan die groep verskaf.

AMNESTIE / VRYWARING

Geen

BESLISSING

Die bewering teen die vermelde ANC leiers is slegs gegrond op inligting en 'n bekentenis wat **ZULU** afgelê het en kan op geen ander wyse bewys of gestaaf word nie.

Daar is derhalwe geen toelaatbare getuienis teen enige ander persoon as diegene wat reeds aangekla en verhoor is nie. Daar bestaan ook geen moontlikheid om dit deur verdere ondersoek te bekom nie.

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.


Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/67

Verw: A67
Navraag Adv A R Ackermann S C
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: New Brighton MR 175/12/88

KORT BESKRYWING VAN DIE SAAK

Op 1988/12/08 het 'n kleefmyn by die Busstasie se kaartjieskantoor, New Brighton, Port Elizabeth plaasgevind. Groot skade is aan die gebou aangerig maar niemand is beseer nie.

Die ondersoek het geen inligting opgelewer nie, maar het in alle opsigte op ANC betrokkenheid gedui.

Geen amnestie aansoek kan positief met hierdie voorval in verband gebring word nie.

BESLISSING

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/68

Verw: A68
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6432

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : Saakdossier: Vryheid MR 178/6/86 en MR 179/6/86

KORT BESKRYWING VAN SAKE

Op 1986/06/22 het 'n landmyn gedeeltelik onder 'n EVKOM vragmotor ontplof wat op die pad te Smaldeel, Vryburg distrik gery het. Niemand is beseer nie.

Op dieselfde dag is daar ook 'n gestelde landmyn op 'n plaaspad te Nooitgedacht, Vryburg gevind. Dit is later vernietig. Die sake hou sonder twyfel met mekaar verband.

Die polisieondersoek was onsuksesvol gewees.

AMNESTIE

Geen aansoek om amnestie kan sonder twyfel met hierdie sake verbind word nie.

BESLISSING

Daar bestaan geen getuienis om verdagtes wat in die ondersoekdagboeke vermeld word met hierdie sake te verbind nie.

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die sake word as afgehandel beskou.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A69
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6474

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen:
1. **ABOBAKER ISMAIL (AM 7109/97)**
2. **ROBERT JOHN MCBRIDE (AM 7032/97)**
3. **MATTHEW LECORDIER (AM 4026/97)**
4. **ANTONIO DU PREEZ**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

1.1 Terrorisme: Kleefmynontploffing: CR Swartplein MR 972/06/1986

Op 21 Junie 1986 het **MCBRIDE, LECORDIER** en **DU PREEZ** saam in die motor wat deur **DU PREEZ** bestuur is gery. Hulle was van voorneme om 'n kleefmyn in of aan 'n polisievoertuig te laat ontplof. Die kleefmyn is aan **LECORDIER** gegee, hy kry koue voete en plaas dit in 'n vullishouer voor "THE COPPER SHOP" op die hoek van Weststraat en Brickhillweg, Durban. Niemand is in die ontploffing gedood of beseer nie en geringe skade aan die geboue in die omgewing is aangerig.

MCBRIDE, LECORDIER en **DU PREEZ** is aangekla en skuldig bevind.

2. OPMERKINGS

Die amnestiekomitee het bevind dat hierdie ontploffing in terme van die SOU van die ANC se algemene opdragte soos deur **ABOBAKER ISMAIL** aan **MCBRIDE** oorgedra is, plaasgevind het. Die motief vir die ontploffing was om die apartheidsregering van Suid-Afrika ekonomies te frustreer.

3. AMNESTIE

Die amnestiekomitee het op 19 April 2001 aan die volgende persone amnestie verleen:

3.1 ABOOBAKER ISMAIL

3.2 ROBERT MCBRIDE

3.3 MATTHEW LECORDIER

3.4 ANTONIO DU PREEZ het nie om amnestie aansoek gedoen nie.

4. AANBEVELING

Daar is geen verdere verdagtes uitstaande nie. Volgens beskikbare inligting is daar geen verdere verdagtes uitstaande nie. Dit word aanbeveel dat hierdie dossier volgens voorskrifte afgesluit word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A70
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6474

**SPECIAL LITIGATION UNIT /
SPESIALE LITIGASIE EENHEID**

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen:
1. **ABOBAKER ISMAIL (AM 7109/97)**
2. **ROBERT JOHN MCBRIDE (AM 7032/97)**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

1.1 Op 21 Maart 1986 is die elektriesekraginstallasie op die hoek van Chamberlainweg en Austervillerylaan, Jacobs, Durban met vier kleefmynontploffings beskadig. Niemand is beseer of gedood nie. Ernstige skade is aangerig. (Wentworth MR 137/3/1986)

1.2 **ROBERT MCBRIDE** en **GORDON WEBSTER** is vir hierdie saak aangekla en as volg skuldig bevind.

1.2.1 **ROBERT MCBRIDE: 5 jaar gevangenisstraf,**

1.2.2 **GORDON WEBSTER: 11 jaar gevangenisstraf.**

2. OPMERKINGS

ROBERT MCBRIDE was in beheer van die kleefmyne en het dit aan **GORDON WEBSTER** oorhandig, wie dit aan die kraginstallasie gaan plaas en laat ontplof het.


As bevelvoerder van SOU in Natal het **WEBSTER** sy opdragte van **ABOBAKER ISMAIL** ontvang.

3. **AMNESTIE**

Op 19 April 2001 het die amnestiekomitee aan **ABOObAKER ISMAIL** en **ROBERT MCBRIDE** op hierdie saak amnestie verleen. **GORDON WEBSTER** het nie om amnestie aansoek gedoen nie.

4. **AANBEVELING**

Volgens beskikbare inligting is daar geen verdere verdagtes uitstaande nie. Dit word aanbeveel dat hierdie dossier volgens voorskrifte afgesluit word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A71
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6474

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **DIE STAAT teen:**

1. **ABOObAKER ISMAIL (AM 7109/97)**
2. **ROBERT JOHN MCBRIDE (AM 7032/97)**
3. **ZAHRAH NARKEDIAN (AM 4028/96)**
4. **MATTHEW LECORDIER (AM 4026/97)**

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

1.1 Terrorisme, Poging tot Moord: Wentworth MR 3/05/1986

Op 1 Mei 1986 om 02:30 is 'n handgranaat deur die slaapkamervenster van meneer en mevrou **KLEIN**, die prinsipaal van Wentworth Laerskool, se woonhuis gegooi. In die ontploffing is hulle albei beseer.

Die handgranaat aanval is deur **MATTHEW LECORDIER** en ene **ANTONIO DU PREEZ** uitgevoer, terwyl die goedkeuring en verskaffing van die handgranate deur **ABOObAKER ISMAIL** as algehele bevelvoerder in die buiteland en **ROBERT MCBRIDE** as bevelvoerder van SOU Natal gegee is.

Die beweerde motief vir die aanval is die vermoede dat meneer **KLEIN** 'n polisie-reservis was.

Hulle het voorsien dat mevrou **KLEIN** wie 'n onskuldige inwoner is, beseer of gedood kon word, maar het in die lig van die ANC se beweerde onverskillige beleid, nogtans met die aanval voortgegaan.

1.2 Ontsetting van GORDON WEBSTER uit Edendale Hospitaal, Pietermaritzburg: Plessislaer MR 56/05/1986

Op 4 Mei 1986 om 20:20 is **GORDON WEBSTER**, wie tydens arrestasie op 'n aanklag van Terrorisme deur die SA Polisie verwond is en in Edendale Hospitaal, Pietermaritzburg aangehou is, ontset.

Die ontsetting is deur **ROBERT MCBRIDE** beplan en deur **ABOObAKER ISMAIL** goedgekeur. **MCBRIDE** is in die uitvoering deur **DERRIK MCBRIDE** (sy vader) **ZARAH NARKEDIEN** (Greta Apelgren) en **MATTHEW LECORDIER** bygestaan.

Tydens die ontsetting is een burgerlike persoon doodgeskiet, twee burgerlike persone is verwond, twee polisiebeamptes is verwond.

Die volgende persone is aangekla:

1. **ROBERT MCBRIDE** - 2 aanklagtes van aanranding: 4 jaar gevangenisstraf. Hulp verlening aan 'n gevangene om te ontsnap - 3 jaar gevangenisstraf.
2. **ZARAH NARKEDIAN** - 2 aanklagtes van aanranding: 2 jaar gevangenisstraf. Hulp verlening aan 'n gevangene om te ontsnap - 3 jaar gevangenisstraf.
3. **ANTONIO DU PREEZ** - Moord 9 jaar gevangenisstraf. 4 Aanklagtes van poging tot moord: 3 jaar gevangenisstraf. Hulp verlening aan 'n gevangene om te ontsnap - 2 jaar gevangenisstraf.
4. **DERRIK MCBRIDE** - Onskuldig bevind.

2. OPMERKINGS

GORDON WEBSTER was die bevelvoerder van "SPECIAL OPERATIONS UNIT" (SOU) van Natal. Hy het vir **ROBERT MCBRIDE** vir sy eenheid gewerf. **MCBRIDE** het later sy eie eenheid gewerf waarvan hy bevelvoerder geword het en met **WEBSTER** se arrestasie was hy in bevel van albei eenhede.

MCBRIDE het **WEBSTER** se ontsetting beplan en van **ISMAIL** goedkeuring ontvang.

3. AMNESTIE

Die amnestiekomitee het op 19 April 2001 aan die volgende persone amnestie verleen:

- 3.1 ABOOBAKER ISMAIL
- 3.2 ROBERT MCBRIDE
- 3.3 ZARAH NARKEDIAN (Greta Apelgren)
- 3.4 MATTHEW LECORDIER

Die volgende persone het nie om amnestie aansoek gedoen nie:

- 3.5 ANTONIO DU PREEZ
- 3.6 DERRIK MCBRIDE

Dit word aanbeveel dat hierdie dossier volgens voorskrifte afgesluit word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

Verw: A72
Navraag Adv A R Ackdermann S C
Tel: 845 6474

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : DIE STAAT teen:

1. VEJAYNAND RAMLAKAN (AM 4012/96)
2. DEREK NAIDOO (AM 4017/96)
3. DHANPAL NAIDOO (AM 4007/96)
4. JUDE FRANCIS (AM 4011/96)
5. DAVID MADURAI (AM 4013/96)
6. RICHARD VALLIHU (AM4010/96)

1. KORT BESKRYWING VAN MISDAAD

1.1 Terrorisme: Ontploffing by Huis van Minister RAJBANSI: Chatsworth MR 123/08/1985

Op 4 Augustus 1985 om 22:35 het 'n ontploffing op die sygaardjie voor die huis van minister **RAJBANSI** te Chatsworth, Durban voorgekom.

Minister **RAJBANSI** was nie tuis nie. Niemand is beseer nie. Geringe skade het voorgekom.

1.2 Terrorisme: Ontploffing by Chatsworth Landdroshof, Durban: Chatsworth MR 273/12/1985

Op 13 Desember 1985 om 18:30 is 'n gedeelte van die Chatsworth Landdroshof, Durban deur 'n ontploffing beskadig. Die plofstof was teen 'n buitemuur van die hoofgebou geplaas. Geringe skade is aangerig. Niemand is gedood of beseer nie.

2. OPMERKINGS

- 2.1 Bogenoemde ontploffings is deur lede van "OPERATION BUTTERFLY" veroorsaak. Hulle is 'n binne groep van "UMKHONTO - WE-SIZWE" (MK) die militêre vleuel van die ANC wie se opdrag was om in die omgewing van Durban ondergrondse strukture tot stand te bring en ontploffings te veroorsaak.
- 2.2 Tydens hierdie ontploffings was **ABOObAKER ISMAIL** (AM 7109/97) die bevelvoerder van MK in die buiteland en **RAYMOND LALA** (AM 2756/97) die Hoof van Intelligensie oor Natal in Lusaka.
- 2.3 **DAVID MADURA** is vir hierdie ontploffings aangekla, maar die saak is weens sy amnestie teruggetrek.

3. AMNESTIE

- 3.1 Op 3 Mei 2001 het die Amnestiekomitee aan die volgende persone vir hierdie sake, amnestie toegestaan:

- 3.1.1 **VEJAYNAND RAMLAKAN**
- 3.1.2 **DEREK NAIDOO**
- 3.1.3 **DHANPAL NAIDOO**
- 3.1.4 **JUDE FRANCIS**
- 3.1.5 **DAVID MADURAI**
- 3.1.6 **RICHARD VALLIHU (slegs RAJBANSI se huis)**

- 3.2 Dit dien gemeld te word dat **ABOObAKER ISMAIL** en **RAYMOND LALA** nie vir hierdie sake aansoek gedoen het nie, maar 'n algemene amnestie vir dae duer "OPERATION BUTTERFLY" is aan hulle toegestaan.

4. AANBEVELING

- 4.1 Volgens getuienis in die betrokke dossiere is daar geen uitstaande verdagtes nie.
- 4.2 Die Amnestiekomitee het bevind dat die applikante binne die beleid en opdragte van die ANC opgetree het.
- 4.3 Dit word aanbeveel dat hierdie dossiere volgens voorskrifte afgesluit word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/73

Verw: A73
 Navraag Adv A R Ackdermann S C
 Tel: 845 6474

SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

10 Oktober 2003

MEMORANDUM

ONDERWERP : **DIE STAAT teen:**

1. **MOHAMMED RAFIQ ROHAN**
2. **RIAZ SALOOJEE**
3. **ABOObAKER ISMAIL**

Saakdossiere:

1. **Mayville MR A188/1/89**
 2. **C R Swartplein MR A567/3/89**
 3. **C R Swartplein MR A425/4/89**
-

1. KORT BESKRYWING VAN SAKE

Op 1989/01/28 het die SA Polisie twee mini 158 kleefmyne met 2 x SZ3 demolisieladings (6kg TNT) langs 'n elektriese transformator in Ridgeweg, Durban gevind. Die SA Polisie het dit verwyder en het dit in die straat geplaas, waar dit ontplof het. Skade is aan omliggende geboue aangerig. Niemand is beseer nie (Mayville MR A188/1/89).

Op 1989/03/10 het 2 mini 158 kleefmyne en 2 SZ-3 (6kg TNT) demolisie-ladings teen die buitemuur van die Natal Kommandement gebou, Snell Parade, Durban ontplof, terwyl 'n SA Weermag funksie daar plaasgevind het. 15 Persone is beseer en groot skade is aan geboue en eiendom aangerig (CR Swartplein MR A567/3/89).

Op 1989/04/07 het 2 mini kleefmyne met 2 SZ-3 demolisieladings (6kg TNT) teen die buitemuur van die enkelkwartiere by die CR Swartplein SA Polisiestasie, Durban ontplof. 3 Persone is in die ontploffing beseer en groot skade is aan geboue en eiendom aangerig.

Eersgenoemde, **M R ROHAN** is kort na die ontploffing gearresteer en is met hierdie ontploffing, sowel as met eersgenoemde twee ontploffings verbind. Beslag is by sy woonstel gelê op 'n groot hoeveelheid terroriste wapens, ploftoestelle asook toerusting om afstandbeheerde bomme (motor bomme) mee te vervaardig. (C R Swartplein MR A425/4/89).

ROHAN is vir bogenoemde aanklagte vervolg en is weens terrorisme tot 15 jaar effektiewe gevangenisstraf gevonniss. Hy is egter op 1991/05/20, op grond van vrywaring wat aan hom verleen is, vrygelaat.

Tydens die ondersoek het dit geblyk dat **ROHAN** gehandel het ooreenkomstig die opdragte, riglyne, ondersteuning en met wapentuig wat ANC leiers vanaf die buiteland aan hom verskaf het.

ROHAN het saam met die ander twee vermeldes, **R SALOOJEE** en **A ISMAIL** vir hierdie aanklagte om amnestie aansoek gedoen, wat op 26 September 2000 aan hulle verleen is.

ROHAN het opdragte en opleiding in die buiteland van **SALOOJEE** ontvang, wat op sy beurt weer opdragte van **A ISMAIL** ontvang het. **ISMAIL** was die ANC-MK "CHIEF OF ORDINANCE" wat die opdragte en riglyne wat deur die MK Leierskap uitgereik is, aan operasionele eenhede vir uitvoering deurgegee het. Hy het ook gesorg dat die nodige wapentuig en toerusting aan operasionele eenhede verskaf word om die opdragte mee uit te voer. Hierdie opdragte was in ooreenstemming met ANC beleid en riglyne gewees (om die eertydse NP Regering tot 'n val te bring).

Ongeag die amnestie wat ten opsigte van hierdie aanklagte aan **RIAZ SALJOOJEE** en **ABOOBAKER ISMAIL** verleen is, is daar ook verdere amnestie aan hulle verleen wat alle misdade dek gedurende die tydperk 1987 tot 1994. Hierdie amnestie het betrekking op wapentuig wat deur 15 genoemde persone in die RSA versprei het, waarvan slegs een van hulle om amnestie aansoek gedoen het nl. **FELICITY BARBARA ANDERSSON**. **ANDERSSON** het amnestie ontvang ten opsigte van die storig en verspreiding van wapens aan die ANC en MK in KwaZulu-Natal, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap gedurende die tydperk 1991 tot 27 April 1994.

Hierdie amnestie kan derhalwe van toepassing wees op enige saak wat enige plek in die RSA plaasgevind het gedurende die gemelde tydperk van 1987 tot 1994.

By die verlening van amnestie aan **A ISMAIL** het die Amnestiekomitee daarop gewys en bevind dat sy omstandighede en aansoek van ander leiersfigure en persone wat leiersposisies bekleë verskil. Dit volg derhalwe dat ANC en MK leiers wat opdragte aan **A ISMAIL** uitgereik het, steeds vervolgbaar behoort te wees.

BESLISSING

Wat hierdie vermelde aanklagte betref het die vermelde persone **ROHAN SALOOJEE** en **ISMAIL** amnestie ontvang en word die ondersoek as afgehandel beskou.

Die amnestie wat verleen is vir die verspreiing van ANC wapentuig gedurende 1987 tot 1994 en alle sake wat daaruit voortspruit, kan betrekking hê op alle ANC sake wat gedurende daardie tydperk plaasgevind het. Die omvang daarvan is onberekenbaar, veral as daar gelet word op die hoeveelheid politieke geweldsmisdade daar in aanloop tot die 1994 wapentuig is klaarblyklik deur **ISMAIL** gekanaliseer.

Die uitwerking van hierdie amnestie strek dus baie wyer as die aanklagte waarop hierdie saakdossiere betrekking het en sal voortdurend by ander ondersoeke in gedagte gehou moet word.

Alhoewel die name van die verspreiders van die wapens in die amnestie uitspraak genoem word, is daar sover bekend, geen getuienis om enige bewerings teen hulle te bewys nie.

'n Beslissing oor die betrokkenheid van die ANC leierskap by hierdie en ander misdade, sal afsonderlik geneem word.



Adv A R Ackermann S C
SPESIALE DIREKTEUR

er/britz



The National Prosecuting Authority of South Africa
Igunya Jikelele Labeshutshisi Bo Mzantsi Afrika
Die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika

**Kantoor van die Spesiale
Litigasie Eenheid
PRETORIA**

Ref: DPP/1/03 TRC

27 May 2003

Senior Superintendent H J Britz
Kantoor van die Direkteur van Vervolging
PRETORIA

**STAAT TEEN N D SAMBO EN TWEE ANDER: NELSPRUIT MR
251/8/86**

1. My gesprek met u op 22 en 23 Mei 2003 het betrekking.
2. 'n Bestudering van die polisdossier toon aan dat ten einde die bovermelde beskuldigdes suksesvol te vervolg die getuienis van Jeffrey Madonsella noodsaaklik sal wees.
3. Die verklaring van Madonsella is egter in die vorm van 'n bekentenis ingevolge artikel 217 van Wet 51 van 1977 en nie 'n beëdigde verklaring nie.
4. Madonsella moet opgespoor word en 'n beëdigde verklaring moet van hom verkry word.
5. Indien Madonsella sou beweer dat die bekentenis onder dwang gemaak is moet geen verklaring van hom geneem word nie.



6. 'n Verklaring van die polisiebeampte wat met hom gekonsulteer het moet in die dossier geliasseer word wat die bewerings van Madonsella ten aansien van ide onvrywilligheid uiteensit.
7. Daar behoort ook twee ander polisiedossiere te wees wat betrekking het op die relevant tydperk, te wete:
- (i) Nelspruit MR 247/8/86;
 - (ii) Nelspruit Mr 32/9/86.
8. Indien Madonsella bereid sou wees om 'n verklaring af te lê moet die twee bogenoemde dossiere verkry word.
9. Ek sal dit waardeer indien ek mondeling op hoogte gehou kan word van hierdie ondersoek.
10. Intussen kan daar ook vasgestel word of die beskuldigdes beskikbaar is.



**ADV A R ACKERMAN SC
SPESIALE DIREKTEUR
LITIGASIE EENHEID**

MEMORANDUM

STATE VERSUS AMOS FISH MAHLALELA (MBUZIN: MR 5/1/90)

INCIDENT

On 10/1/90 one Thomas Mangane was assassinated by A F Mahlalela who was a member of MK.

Mangane was a police informer. Mahlalela applied for amnesty and it was granted. The amnesty committee was satisfied that full disclosure was made. The evidence, in the police docket, however, disclosed that more than one person was involved in the actual killing of the deceased.

It is unknown who the other perpetrators were and I am of the view that further investigations will not take the matter any further.

CONCLUSION

Regard this matter as closed.



A R ACKERMANN
SPECIAL DIRECTOR
10/6/03

Kantoor van die Spesiale
Litigasie Eenheid
PRETORIA

10/6/05

MEMORANDUM

Posbus 752,
PRETORIA
0001

VGM Gebou
Hartley St.
Weavind Park
0001
Pretoria
Suid-Afrika

Tel: (012) 845 6431

1. **Die Staat teen:**

- (i) Sphiwe Nyanda
- (ii) Obed Masine
- (iii) Frans Ting-Ting Masango

2. **Saakdossier**

- (i) Mamelodi MR 118/2/86 - Landmynontploffing.

3. **Kort beskrywing van die Misdad**

'n Landmyn het op 1986/02/16 om 06:55 onder 'n SA Polisie Casspir in Mamelodi, Pretoria ontplof. Die Casspir is beskadig. Geen persoon is gedood of beseer nie. Nyanda, Masine en Masango het aanspreeklikheid vir die ontploffing aanvaar. Daar is aansoek gedoen vir amnestie.

4. **Amnestie**

Amnestie is onderskeidelik op 8 September 1999 aan die eerste twee gemelde persone verleen en op 7 November 2000 aan die derde persoon (Nyanda).

5. **Beslissing**

Geen verdere ondersoek is nodig nie. Die saak word as afgehandel beskou en kan ooreenkomstig SAPD voorskrifte geliasseer is.


A R ACKERMANN, SC 